

DEEL I

HOOFSTUK 1

NAVORSINGSONTWERP

1.1 Inleiding

'n Opname wat in 1999 gedoen is om vas te stel wie as die honderd invloedrykste Suid-Afrikaners van die twintigste eeu beskou word, het interessante name opgelewer. Ses en dertigste op hierdie lys van mans en vroue wat hulle op uiteenlopende terreine laat geld het, verskyn die naam “Eugène Marais” (kyk Rousseau, 1999b).

Hierdie plek het Marais, vir baie “die groot eensame” met “die groot verlange”, verwerf op grond van sy bydrae tot 'n verskeidenheid terreine. Hy het wye belangstellings gehad, was multidissiplinêr ingestel teenoor die wetenskap en het in die eerste jare van die selfstandigwording van die Afrikaanse literatuur sy hand aan vele genres gewaag. Dit sluit in: gedigte, dramas, boekresensies, belletristiese en joernalistieke prosa, 'n regsboek, asook natuurwetenskaplike studies oor veral die gedrag van diere. Dekades lank het Marais se aansien egter oorwegend op sy digterskap berus. Marais was vir geslagte Suid-Afrikaanse lesers die digter van “Winternag” uit 1905, wat in die Afrikaanse taalstryd kort na die Anglo-Boereoorlog (1899–1902) ingespan is as voorbeeld van dit waartoe Afrikaans in staat is. Enkele ander gedigte het verder tot sy aansien as digter bygedra.

Ten spyte van literatore se byna volgehoue en kanoniserende siening van Marais as bowenal digter¹ vind daar met verloop van tyd 'n verskuiwing met betrekking tot sy skrywersprofiel plaas. Eerstens begin die opvatting geleidelik posvat dat sy prosa nie vir sy poësie terug hoef te staan nie.² 'n Waarskynlike rede vir dié klemverskuiwing is dat Marais reeds vroeg as digter bekend geraak het, maar eers later in sy lewe begin het om belletristiese en wetenskaplike prosa te publiseer. Literatore het aanvanklik ook nie aan sy prosa dieselfde status as aan sy poësie gegee nie. *Dwaalstories en ander vertellings* verskyn in 1927, maar moet tot die sestigerjare van die vorige eeu wag om onder die heel grootste Afrikaanse prosa

gereken te word. Eers hierna word daar vir die eerste keer uitgebreide studies oor Marais se prosa onderneem.

Tweedens het Marais se wetenskaplike geskrifte, soos *Die siel van die mier* (1934), *Burgers van die berge* (1938) en *The soul of the ape* (1969),³ bestendige en selfs toenemende aandag geniet. Hoewel dié tekste reeds sedert hulle in vertaling verskyn het goed in die buiteland ontvang is, kon die Afrikaanse literêre kritiek die waarde daarvan nie na behore skat nie. Verskeie veralgemenende en dikwels neerhalende uitsprake van Suid-Afrikaanse letterkundiges oor hierdie tekste⁴ word nogtans toenemend deur vooraanstaande wetenskaplikes in Marais se guns gerelativeer. Die belangstelling in Marais se wetenskaplike geskrifte en aktiwiteite neem klaarblyklik ook nie af nie.

Van vroeg af geniet sowel Marais se werk as sy lewe belangstelling. Dit het tot gevolg gehad dat drie biografieë oor hom gepubliseer is.⁵ F.G.M. du Toit se *Eugène N. Marais: Sy bydrae tot die Afrikaanse letterkunde* verskyn reeds in 1940 en hy kom met heelwat inligting vorendag. In 1962 verskyn M. Nienaber-Luitingh se *Eugène Marais*, 'n werk van beperkte omvang, wat 'n oorsig van Marais se lewe en werk bied. 'n Derde, omvattende en invloedryke biografie of biografiese "verhaal", Leon Rousseau se *Die groot verlange: Die verhaal van Eugène N. Marais*, verskyn in 1974. Aangevuur deur die Amerikaanse antropoloog en dramaturg Robert Ardrey, wat sy *African genesis: A personal investigation into the animal origins and nature of man* (1961) aan Marais opdra en laasgenoemde se werk hoog aanslaan, vestig Rousseau die aandag op Marais se veelsydigheid en ook op sy bedrywighede buite die literatuur om. In 1998 vul Rousseau in *Eugène Marais and the Darwin syndrome/Die dowwe spoor van Eugène Marais* die lewensverhaal nog eens aan.

'n Verdere bewys van die durende belangstelling in Marais se werk is die gebruikmaking van sy tekste om nuwe teorieë en denkrigtings te toets (kyk bv. Scholtz, 1950; Liebenberg, 1986 en Marais, 1994b). Ten spyte hiervan val die klem dikwels op die donker kant van sy lewe (veral sy morfiënverslaafdheid), soos blyk uit die Engelse Suid-Afrikaanse dramaturg Athol Fugard en Ross Devenish se rolprent *The guest* (1977b; of *Die besoeker*, 1977a), wat handel oor Marais se verblyf op die plaas Steenkampskraal in die Heidelbergse distrik en die pogings van onder andere die digter en medikus A.G. Visser om hom van sy morfiënverslaafdheid te

genees. Rousseau se biografie het tot hierdie siening van Marais se lewe as tragies 'n groot bydrae gelewer (en ook die stof verskaf waarop Fugard en Devenish se rolprent gegrond is).

Hoewel fasette van Marais se werk van vroeg af kritiek ontlok het, het min kritici heeltemal afwysend teenoor hom gestaan. Iemand wat dit wel ten opsigte van sy werk oor bobbejane gedoen het, is die Suid-Afrikaans gebore Britse dierkundige S. Zuckerman (1975 en 1983), wat Marais 'n "pseudo-scientist" genoem het. Die Suid-Afrikaanse chirurg C.J. Mieny se *Leipoldt en Marais: Onwaarskynlike vriende* (1988) is waarskynlik die enigste Suid-Afrikaanse werk wat afwysend teenoor Marais staan. Mieny (1988: 52) is veral gegrief omdat Marais "eers as myndokter en later as kwakgeneesheer, as die Wonderdokter van die Waterberg" gepraktiseer het, terwyl hy nie 'n gekwalifiseerde geneesheer was nie. Andersyds het die neiging bestaan om omstrede fasette van Marais se lewe, soos sy morfiënverslawing, liewer te verswyg.

Die literêre én populêre belangstelling in Marais se werk in die algemeen het bestendig gebly en selfs van tyd tot tyd opgevlam. Hierdie belangstelling het Leon Rousseau ná die gewildheid van *Die groot verlange* gedurende die tagtigerjare van die vorige eeu aangespoor om heruitgawes van Marais se geskifte uit te gee, wat daarop gemik was om laasgenoemde aan 'n wye leserspubliek bekend te stel. In 1984 verskyn Marais se *Versamelde werke* in twee dele onder redakteurskap van Rousseau. Vir die meer populêre mark verskyn (ook onder Rousseau se redakteurskap) *Die beste van Eugène Marais* in 1986: 'n "visueel aantreklike, leesbare publikasie vir die gewone intelligente leser" (Rousseau, 1986: 191).

As verdere bewys van die belangstelling in Marais dien die talle ander maniere waarop sy werk en lewensverhaal gepopulariseer is. Dit sluit toonsettings van sy gedigte in deur komponiste soos Hubert du Plessis, Andrew Eales, Stefans Grové, Arnold van Wyk en Arthur Wegelin,⁶ en 'n populêre lied, "Wanneer dit reën op Rietfontein", getoonset deur die sanger-liedjieskrywer Anton Goosen. In die negentigerjare van die vorige eeu word "Uit die bloute", 'n gedramatiseerde voorstelling van Marais se verhaal "Salas y Gomez" onder regie van Ilse van Hemert deur die akteurs Gys de Villiers en Anna-Mart van der Merwe opgevoer met toonsettings van Marais se gedigte deur die groep Marimba. 'n Laserskyf (onder

dieselfde titel) met die toonsettings van die gedigte is ook deur Marimba vrygestel. Benewens die rolprent *The guest (of Die besoeker)*,⁷ is 'n TV-reeks, *Die siel van die mier*, wat oor Marais se verblyf in die Waterberg handel en waarin die akteur Schalk Jacobs die rol van Marais vertolk het, in die sewentigerjare van die vorige eeu gebeeldsend, en 'n hoorbeeld deur Friedl Hansen, getiteld *Op die spoor van Eugène Marais*, in 1984 oor die destydse Afrikaanse Diens van Radio Suid-Afrika uitgesaai.

“Na alles wat oor Marais gesê, geskryf is, die afgelope dekade of wat, is alles nog lank nie gesê nie: nie wat die vertolking van die feite van sy lewensverhaal betref nie, en seker ook nie wat die aard en waarde van sy bydrae tot die wetenskappe betref nie,” skryf Elize Botha (1987: 222). Hierdie uitspraak is ná meer as 'n dekade steeds geldig, onder meer omdat daar tot dusver kwalik enige nuwe vertolkings van Marais se lewensverhaal was en geen omvattende studie tot dusver oor sy bydrae tot die wetenskappe onderneem is nie. Hoewel Marais se belletristiese prosa oor die jare in 'n aantal uitgebreide studies⁸ en artikels⁹ aandag gekry het, bestaan daar geen omvattende studie wat spesifiek oor sy wetenskaplike prosa handel nie. Sedert Marais se dood in 1936 is daar bowendien groot vooruitgang gemaak op die terreine wat in sy wetenskaplike prosa prominent figuur, naamlik die etologie en die vraag na die oorsprong van die mens. Die baanbrekerswerk deur Jane Goodall, Dian Fossey en Biruté Galdikas oor die groot primate het sedert die sestigerjare van die vorige eeu die wêreld se verbeelding aangegryp, maar is nog nie in 'n beskouing van Marais se werk ter sprake gebring nie.

In die lig van Marais se wye belangstellings en die geskakeerdheid van sy oeuvre, behoort studies van sy werk rekening te hou met die talle fasette wat daarin ter sprake kom. In hierdie studie word 'n ondersoek gedoen na die aard van en opvattinge oor Marais se wetenskaplike prosa (deur o.a. resensente, letterkundiges en wetenskaplikes) om, soos Botha dit stel, meer lig te werp op “die aard en waarde van sy bydrae tot die wetenskappe”, maar om ook meer lig te werp op die invloede wat daarop ingewerk het. Die studie beoog om 'n bydrae te lewer tot 'n beter begrip van 'n belangrike faset van Marais se oeuvre en om aan te toon op watter wyse die skrywer Eugène N. Marais in sy skryfwerk met wetenskaplike kennis omgegaan

het.

1.2 Probleemstelling

Kennis en waarneming van die natuur speel reeds in Marais se heel vroegste belletristiese skryfwerk 'n rol. In talle van sy gedigte is die natuur en verskynsels in die natuur 'n belangrike faktor. Dink maar aan die beskrywing van die winterlandskap in “Winternag”, of die dramatiese voorstelling in die gedig “Mabalêl” waarin 'n jong meisie deur 'n Nylkrokodil gevang word wanneer sy in die rivier gaan water skep. Wanneer Marais sy belletristiese prosa veral sedert die twintigerjare van die eeu begin publiseer, is dit duidelik dat hy in die verhale meermale van sy kennis van die natuur gebruik maak.

Marais se werk getuig van die feit dat hy nie bloot 'n natuurliefhebber is nie. Selfs in sy belletristiese werk doen Marais rationeel en wetenskaplik oor sy waarnemings van die gedrag van mens en dier, asook van uitsonderlike verskynsels in die natuur, verslag en bied hy verklarings daarvoor aan. Daar is selfs by hom bykans 'n obsessie met wat ons breedweg die raaisel van die oorsprong van die mens kan noem, sodat sy werk in die geheel deel van die intense twintigste-eeuse belangstelling in hierdie onderwerp vorm.

Die gebruikmaking van wetenskaplike kennis geskied op verskillende wyses in Marais se oeuvre. Dit is nogtans veral in sy wetenskaplike prosa dat hy pertinent en met groot selfvertroue hieroor verslag doen, besin en teoretiseer. In hierdie tekste skryf hy veral oor sy navorsing oor die lewe en gedrag van termiete en bobbejane, wat hy intensief in hulle natuurlike staat in die Waterberg bestudeer het. Hy hou ook rekening met die werk van invloedryke wetenskaplikes, soos Charles Darwin en Sigmund Freud, en hulle teorieë, wat bykans alle bioloë en sielkundiges ná hulle op een of ander manier beïnvloed het. Ook opvallend is die wyse waarop Marais dikwels beredenerend te werk gaan om ongewone en “geheimsinnige” waarnemings vir die leser geloofwaardig te maak en te verklaar.

Dit is noodsaaklik om Marais se wetenskaplike werk te kontekstualiseer deur dit te plaas binne die tradisie waarin dit tot stand gekom het. Die wetenskap het sedert die Verligting in die agtiende eeu 'n prominente plek in die Westerse

denke ingeneem. Die Industriële Rewolusie het die prominensie van die wetenskap verder verhoog. Die negentiende eeu staan dan ook grootliks in die teken van die mens se geloof in die wetenskap en die voordele wat dit inhou. Mense het geruime tyd lank ongekwalfiseerd vertrou in die wetenskap gehad.

Hierdie vertrou in die rasonale benadering en in die dominante rol van die wetenskaplike het ook vir die kunste in die algemeen en die literatuur in die besonder implikasies gehad. Dit het byvoorbeeld toenemend duidelik geword dat die natuurwetenskap en die literatuur die wêreld langs verskillende weë probeer verstaan. Aldous Huxley argumenteer in *Literature and science* (1963) dat daar as 't ware twee kulture ontwikkel het, naamlik dié van die wetenskap en dié van die literatuur. Die wetenskaplike wêreld beskou die skeppende skrywer se bemoeienis met die werklikheid as te privaat (d.w.s. nie algemeen geldig nie), as te behep met die ingewikkeldheid van die menslike lewe (d.w.s. hy vereenvoudig nie genoeg nie) en as te gebonde aan menslike taal om 'n verskeidenheid menslike ervarings gelyktydig oor te dra (d.w.s. nie duidelik genoeg nie).

Wetenskap en kuns was egter nie altyd van mekaar geskei nie. Daar is ook heelparty voorbeelde van mense wat sowel wetenskaplike as kunstenaar was. Een van die beste voorbeelde is waarskynlik die veelsydige Leonardo da Vinci (1452–1519). Hy was onder meer kunstenaar (van bv. die beroemde *Die laaste avondmaal* en die *Mona Lisa*), maar het vyfhonderd jaar voor die Wright-broers deur sy belangstelling in die manier waarop voëls vlieg op die gedagte van vliegtuie gekom. Daar is ook talle voorbeelde van bellettristiese skrywers wat goed in die wetenskap onderlê was en oor die wetenskap geskryf het (bv. Johann Wolfgang von Goethe). Van hierdie skrywers het sodoende bygedra tot die popularisering van die wetenskap, wat dikwels vir die gewone publiek moeilik verstaanbaar was. In die Afrikaanse literatuur kan die name van skrywers soos C. Louis Leipoldt, Jan Rabie, T.T. Cloete en P.C. Haarhoff in dié verband genoem word.

Eugène N. Marais se ingesteldheid is opvallend deurdat hy in sy verhale meermale wetenskaplike kennis aanwend om geloofwaardigheid te gee aan sy tekste, wat tot hulle besondere oortuigingskrag bydra. Dit het egter nie daarby gebly nie. In 'n aantal tekste (soos *Die siel van die mier*, *Burgers van die berge* en *The soul of the ape*) maak hy nie net van wetenskaplike waarnemings as materiaal gebruik

nie. Hy skryf in werklikheid wetenskaplike prosa, wat nie noodwendig as deel van sy belletristiese uitsette gereken word nie. Dit is ook so aanvaar deur kritici, wat dit meermale moeilik gevind het om Marais se wetenskaplike prosa te “plaas”.¹⁰

In beskouings oor Marais se oeuvre is sy wetenskaplike prosa nooit buite rekening gelaat nie, al het dit selde in die fokus van die beskouing gestaan. Wanneer Marais as skrywer in byvoorbeeld literatuurgeskiedenis ter sprake kom, word sy wetenskaplike prosa gewoonlik minstens vermeld, al word daar in geen Afrikaanse literatuurgeskiedenis ’n poging aangewend om sy wetenskaplike werk in net soveel besonderhede as sy belletristiese werk te bespreek nie.¹¹ By geleentheid is daar wel probeer om die artistieke ordening in *Burgers van die berge* aan die hand van die rol van die verteller aan te toon (kyk Du Randt, 1969: 6–11).

Ofskoon Marais se wetenskaplike prosa internasionaal aandag getrek het (veral op grond van vertalings van *Die siel van die mier* en *Burgers van die berge*, en die Engelse *The soul of the ape*, wat vanuit die staanspoor in Engels geskryf is), is ’n ondersoek na die aard van en opvattinge oor sy wetenskaplike prosa nog nie in ’n uitgebreide studie onderneem nie. ’n Moontlike rede hiervoor is dat aangesien Marais sowel skrywer as (amateur-) wetenskaplike was, so ’n studie rekening sal moet hou met beide die wetenskaplike en die letterkundige fasette van sy werk.

Die postmoderne era, waarin die skeiding tussen dissiplines nie meer streng gehandhaaf word nie, skep ’n ideale filosofiese agtergrond vir ’n ondersoek oor dissiplinegrense heen en maak dit volkome “aanvaarbaar” vir een ondersoeker om in ’n enkele studie as ’t ware uit verskillende domeine beide Marais se belletristiese en wetenskaplike tekste te ondersoek. Die Amerikaanse antropoloog Misia Landau (kyk o.m. 1984) voer byvoorbeeld aan dat sekere antropologiese teorieë oor die oorsprong van die mens as narratiewe of verhale gelees kan word. In aansluiting hierby kan die rol van die narratologie in tekste oor die gedrag van diere met vrug ondersoek word.

Hierdie studie beoog gevolglik om vraagstukke soos die volgende te ondersoek: In watter mate maak Marais (in sy wetenskaplike prosa) van wetenskaplike kennis gebruik? Op watter wyse het Marais te werk gegaan om die inligting te bekom? Watter funksie vervul dit in sy werk? Deur middel van watter tegnieke word die wetenskaplike kennis aangewend? Wat was die ontvangs van

Marais se wetenskaplike prosa deur letterkundige en wetenskaplike lesers? Verskil dit van die ontvangs van sy belletristiese prosa?

Hierdie studie wil vasstel wat die status van Marais se wetenskaplike prosa is as dit in literêre en wetenskaplike verband gelees word deur ondersoek in te stel na die agtergrond en ontstaan van Marais se wetenskaplike geskrifte, die ontvangs wat die publikasies gehad het en die aard en die betekenis van die tekste (o.m. as narratiewe).

1.3 Motivering

Hierdie studie kan binne Suid-Afrikaanse én internasionale verband gemotiveer word.

In Suid-Afrikaanse verband beoog dit om die volgende bydrae te lewer:

1. Marais het met sy wetenskaplike prosa 'n beduidende inset gelewer, wat nie net in die Afrikaanse literatuur aandag getrek het nie. Sy waarnemings- en literêre vermoë, asook sy belangstelling in aspekte van die Suid-Afrikaanse natuurlewe, het hom in staat gestel om tekste te skryf wat in talle opsigte hulle tyd ver vooruit was. Navorsing oor dié geskrifte sal gevolglik 'n bydrae lewer tot insig in die verhouding tussen literatuur en wetenskap, wetenskaplike prosa en die wyse waarop wetenskaplike kennis in sekere tekste aangewend word.
2. 'n Studie van kontekstuele faktore en invloede op Marais en sy werk sal aantoon hoe sy beeld as skrywer en pionier-wetenskaplike met verloop van tyd verander het.
3. Meer inligting sal beskikbaar gestel word oor die aard van wetenskaplike prosa (bv. die rol van die verteller en die leser); iets wat tot dusver in die Afrikaanse literatuur min aandag gekry het.
4. Dié studie sal gegewens beskikbaar stel oor 'n aspek van Marais se oeuvre wat tot dusver nog nie in die Afrikaanse literatuurkritiek behoorlik nagevors is nie, maar nietemin wye belangstelling gaande gemaak het.
5. Die studie beoog om 'n bydrae tot 'n beter begrip van Marais as prosaïst te

lewer. 'n Benadering wat van multidissiplinêre insigte en werkwyses gebruik maak, kan met nuwe perspektiewe vorendag kom.

In internasionale verband word beoog om met dié studie die volgende bydrae te lewer:

1. Internasionale belangstelling in Marais se werk blyk uit die vertaling op grond van aanvraag van veral sy wetenskaplike prosa, wat reeds in sy leeftyd onderneem is, en die aandag wat uiteenlopende wetenskaplikes daaraan bestee het. Dié studie betrek aspekte van wetenskaplike prosa, die verhouding tussen wetenskap en narratologie, die etologie, en navorsing oor die primate en termiete, wat tans internasionaal aktuele navorsingsterreine is, en maak dit spesifiek op Marais se wetenskaplike prosa van toepassing.
2. Die ondersoek open die moontlikheid tot verdere navorsing oor Marais se werkwyse in vergelyking met die werkwyse van buitelandse skrywers met 'n wetenskaplike aanleg (soos Aldous Huxley, die Tsjeg Miroslav Holub en die Kanadees Farley Mowatt) in wie se werk die natuurwetenskappe en wetenskaplike waarnemings op verskillende maniere in 'n verskeidenheid genres 'n rol speel. Dit sal egter nie in hierdie studie verder ondersoek word nie.

1.4 Doelstelling en afbakening

Die onderhawige studie het ten doel om die aard van en opvattinge oor Eugène N. Marais se wetenskaplike prosa te ondersoek en te beskryf. Dit is 'n faset van Marais se oeuvre waaroor daar tot dusver nog nie indringend navorsing gedoen en besin is nie ten spyte van die internasionale belangstelling wat dit reeds ontlok het.

Marais se belletristiese prosa staan gevolglik nie in die fokus van die studie nie, maar sal wel by geleentheid betrek word om aan te toon hoe die skrywer dikwels in dié tekste deur die gebruik van wetenskaplike kennis en vertelstrategieë 'n besondere waarheidsillusie skep. Oor bepaalde aspekte van Marais se belletristiese prosa bestaan daar reeds 'n aantal uitvoerige studies.

Vir dié studie word die navorsingsontwerp soos volg afgebaken:

1. Daar word indringend ondersoek ingestel na die aard van en opvattinge oor Marais se wetenskaplike prosa. Die ondersoek word gedoen aan die hand van opvattinge en menings oor die aard van literatuur en wetenskap (deur o.a. Aldous Huxley, Jonathan Culler en Misia Landau) en die funksies van die tekste waarin sodanige verskynsels aangebied word.
2. 'n Oorsig van Marais se lewe en werk word gegee om Suid-Afrikaanse en buitelandse ervarings en invloede op sy wetenskaplike aktiwiteite en geskrifte te karteer.
3. Al Marais se wetenskaplike geskrifte (ook dié in Engels) word in hierdie studie indringend onder die loep geneem. Onder “wetenskaplike tekste” word dié tekste verstaan wat deur sowel letterkundiges as wetenskaplikes (normaalweg) van sy belletristiese prosa onderskei word.

Voortvloeiend uit die voorafgaande word die volgende doelstellings met betrekking tot die onderhawige ondersoek geformuleer (nie in volgorde van belangrikheid nie, maar chronologies volgens die werkwyse):

1. Om Marais se wetenskaplike prosa te ondersoek met inagneming van vrae oor wat *literatuur* en *wetenskap* is.
2. Om die konteks te beskryf waarbinne Eugène N. Marais se wetenskaplike prosa ontstaan het, naamlik sy landelike agtergrond, selfskoling in die natuurwetenskappe sedert sy verblyf in Londen en navorsing in die Waterberg tussen 1907 en 1916.
3. Om die manier te beskryf waarop Marais sy natuurwetenskaplike waarnemings in sy wetenskaplike geskrifte aanbied. Hierdie aspek sal ondersoek word op grond van 'n studie van Marais se wetenskaplike tekste, sy tersaaklike literêre (of belletristiese) prosa en toepaslike historiese en biografiese inligting.
4. Om uitsprake deur letterkundiges en natuurwetenskaplikes oor Marais se wetenskaplike prosa te ondersoek, sodat vasgestel kan word watter opvattinge oor die jare bestaan het en in watter mate hierdie opvattinge (moontlik) verander het.

5. Om vas te stel op watter wyse Marais (ook as letterkundige skrywer) te werk gaan as hy sy waarnemings in sy prosa verwoord, met antwoorde om die kreatiewe proses by Marais na te speur.

1.5 Navorsingsontplooing

Na die uiteensetting van die navorsingsontwerp van die studie volg 'n kort oorsig van die struktuur en inhoud van die res van hierdie studie, wat in nege hoofstukke aangebied word.

Hoofstuk 2 stel twee vrae wat vir hierdie studie belangrik is, naamlik “Wat is literatuur?” en “Wat is wetenskap?” Opvattinge en menings oor die aard van literatuur en wetenskap en die funksies van die tekste waarin sodanige verskynsels aangebied word, word bespreek. Aandag sal ook gegee word aan die rol wat die verteller in wetenskaplike tekste speel. Hierdie teoretiese fundering sal as grondslag vir die bespreking van Marais se wetenskaplike prosa later in die studie dien.

Hoofstuk 3 bied 'n oorsig van Marais se lewe en werk, met die klem op Suid-Afrikaanse en buitelandse ervarings wat 'n invloed op sy wetenskaplike aktiwiteite en geskifte gehad het. Aangesien die studie met die biografiese en historiese werklikheid van Marais se lewe rekening hou, bied dit geleentheid tot kontekstualisering en word bepaalde invloede op sy werk in breë perspektief geplaas. Daar word ook vooruitgewys na latere hoofstukke waarin spesifieke sake meer aandag geniet.

Hoofstuk 4 bied 'n oorsig van Marais se belletristiese prosa en bespreek die belangrikste kenmerke daarvan aan die hand van uitsprake deur verskillende letterkundiges. Aangesien die klem deurgaans op Marais se wetenskaplike prosa val, sal oorsigtelik te werk gegaan word deur slegs op elemente van “wetenskaplikheid” in hierdie tekste te fokus.

In hoofstukke 5, 6 en 7 word Marais se wetenskaplike prosa onder die loep geneem. Die onderskeie hoofstukke gee aandag aan drie “groepe” tekste, naamlik dié oor termiete, dié oor bobbejane en dié oor ander wetenskaplike onderwerpe.

Telkens word die ontstaansomstandighede van die betrokke teks(te) ondersoek, asook die wyse waarop Marais sy navorsing onderneem het, die publikasiegeskiedenis, die ontvangs daarvan en die wyse waarop die skrywer die tekste aanbied.

In hoofstuk 8 word die ontdekking van die Waterbergse broodboom (*Encephalartos eugene-maraisii* Verdoorn) wat na Marais vernoem is as voorbeeld van Marais se fyn waarnemingsvermoë en kennis, asook as voorbeeld van die sogenaamde Marais-mite, bespreek.

Die bevindinge van die ondersoek word samevattend in hoofstuk 9 gestel.

In die bibliografie word 'n omvattende lys verstrek van bronne wat geraadpleeg is. Dit sluit Marais se primêre tekste, algemene sekondêre bronne en studies oor Marais se oeuvre in.

AANTEKENINGE

1. Let byvoorbeeld op Gustav S. Preller (1925: 180) se uitspraak: "Eugène Marais se grootste verdienste lê op die gebied van die Afrikaanse poësie, waartoe hy 'n besonder waardevolle bydrae gelewer het, hoe beskeie ook die omvang daarvan mag wees." Hierdie siening het by talle literatore bly voortbestaan. M. Nienaber-Luitingh (1962: 7) ken 'n besondere plek toe aan Marais se poësie: "Vandag is Eugène Marais in Suid-Afrika veral bekend as een van die eerste belangrike digters in die jong Afrikaanse letterkunde." Vir G. Dekker (1974: 55) is Marais se poësie belangriker as al sy ander werk: "Hoewel Marais ook verhale en interessante natuurstudies oor diere geskryf het en enkele pogings op dramatiese gebied het, is hy veral van betekenis as digter." Volgens Henriette Roos (1998: 32) word "Eugène Marais se prosa [...] steeds deur die meeste literatourgeskiedskrywers op 'n mindere vlak as sy poësie geplaas; in die eerste plek bly hy bekend as die herout van die Tweede Taalbeweging met sy bekende gedig 'Winternag'".
2. E. Lindenberg (1965: 33) het meer as drie dekades gelede die volgende betekenisvolle uitspraak gemaak: "Marais se poësie is slegs 'n klein onderdeel van sy oeuvre as geheel (en wie kan nou reeds sê dat dit waardevoller is as sy verhale?) en vertoon daarby nog 'n fragmentariese karakter."

3. Hierdie tekste is geskryf na aanleiding van Marais se waarnemings in die Waterberg van 1907 tot 1916.
4. Lindenberg (1965: 33), wat andersins waardering het vir Marais se werk, maak die volgende uitspraak oor sy “populêr-wetenskaplike artikels en beskouings”: “Mens moet vandag [...] erken dat Marais se teorieë wetenskaplik onaanvaarbaar is.”
5. Marais is een van die min Afrikaanse skrywers oor wie daar tot dusver meer as een biografie die lig gesien het.
6. Van Stefans Grové is die komposisie *Liedere op Marais-verse vir sopraan, strykkwartel en klavier* (1990); ’n siklus wat ook vyf gedigte van Abraham Fouché insluit. Verder is daar Andrew Arnold Eales se *Composition portfolio* (1996); Hubert du Plessis se *Dagboek van “Die dans van die reën”* (1970), *Drie nokturnes, Op. 36, vir sopraan en klavier* (1974), *Winternag* (1984) en *Die dans van die reën, Op. 22* (1990); Arnold van Wyk se *Die Woestyn-Lewerikie: Lied van die klein Boesmanmeidjie Nampti* (1984); en Arthur Willem Wegelin se *Ses liedere op Afrikaanse tekste* (1976).
7. Sowel die Afrikaanse as Engelse teks is gepubliseer (kyk Fugard & Devenish, 1977a en 1977b).
8. W.S.H. du Randt skryf uitvoerig oor die verhale “Klein Riet-alleen-in-die-Roerkuil” en “Diep rivier” in sy proefskrif, *Eugène N. Marais as ’n “duister” kunstenaar* (1965). Du Randt publiseer ook ’n monografie, *Eugène N. Marais as prosais* (1969), waarin hy oorsigtelik oor Marais se prosa skryf en heelwat aandag aan *Dwaalstories* skenk. Johanna Helena Josina van Dyk skryf ’n verhandeling oor *Eugène N. Marais as verteller* (1967), en analiseer daarin “Die huis van die vier winde” en “Die vliegende Hollander”. M.J. Prins se verhandeling is getiteld *Geloofwaardigheid as epiese beginsel in die prosa van Eugène N. Marais* (1973).
9. ’n Groot aantal studies is aan Marais se *Dwaalstories* gewy (kyk 4.4).
10. Barend J. Toerien neem byvoorbeeld vertalings van Marais se bellettristiese tekste op in sy *Afrikaans literature in translation* (1998), maar nie vertalings van Marais se wetenskaplike prosa nie.

11. Marais en Marais se bydrae in *Perspektief en profiel* (1998) is 'n uitsondering op hierdie stelling.

HOOFSTUK 2

TERMINOLOGIESE UITEENSETTING

2.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk bied 'n oorsig van die terminologie wat in hierdie studie gebruik word. Verder sal die vertrekpunte waarop ek steun ook in breë trekke uitgestip word. Aangesien Marais bekendheid verwerf het op grond van sy bydrae tot die geestes-, natuur- én regs wetenskappe (Marais & Marais, 1998: 658) is dit noodsaaklik om oor die aard van al hierdie kennisvelde duidelikheid te verkry.

Aangesien hierdie studie hoofsaaklik aandag gee aan Marais se betrokkenheid by die geestes- en natuurwetenskappe word daar slegs by geleentheid kortliks na sy betrokkenheid by die regte verwys. (Dit beteken egter nie dat dit 'n onbelangrike faset van Marais se lewe was nie. Aangesien Marais in die regte gestudeer en gepraktiseer het, 'n regsboek¹ geskryf het en as jong joernalis by talle lasteraksies betrokke was, behoort dié faset van sy lewe en werk by geleentheid deeglik ondersoek te word. In dele van hierdie studie word daar wel kortliks na aspekte van genoemde betrokkenheid verwys.)

In hierdie hoofstuk sal daar veral op die kenmerke en aard van die literatuur en die wetenskap klem gelê word. Dit sal gedoen word aan die hand van die vraag wat literatuur is en wat daaraan 'n eiesoortige karakter gee. Dieselfde vraag sal ten opsigte van die wetenskap en, meer spesifiek, wetenskaplike prosa gestel word.

Die ooreenkomste en verskille tussen literêre en wetenskaplike tekste kom ter sprake, en die aandeel van die narratologie in die wetenskap word aangedui. Ten slotte word getoon dat daar oor die afgelope tyd betekenisvolle verskuiwings in sienings oor hierdie onderwerp plaasgevind het, wat met vrug in 'n herwaardering van Marais se wetenskaplike prosa toegepas kan word.

2.2 Wat is literatuur?

Op die vraag wat “literatuur”² is, is daar nie ’n maklike antwoord moontlik en selfs wenslik nie. Die belangrikste rede hiervoor is die veranderlikheid van definisies van die konsep “literatuur”. Opvattinge oor dié eienskappe wat op ’n bepaalde tydstip op die oog af wesentlik gelyk of as essensiële kenmerke van die literatuur beskou is, verander mettertyd sodat daar dan nie meer op algemene geldigheid aanspraak gemaak kan word nie.

Die konsep “literatuur” kom oorspronklik van die Latynse woord “litteratura”, wat van “littera” afkomstig is en “letter” beteken. Aanvanklik het die konsep “’n kulturele ontwikkeling as gevolg van ’n algemene belesenheid, ’n gekultiveerdheid deur die omgang met boeke en geskrifte van allerlei aard” (Cloete, 1984: 3) aangedui. Daarbenewens het “literatuur” eeue lank ’n wye korpus tekste ingesluit en is die konsep wyd geïnterpreteer.³ T.T. Cloete (1984: 1) stel dit soos volg:

Baie werke is vroeër tot die literatuur gereken sonder dat die vraag gestel is of dit werklik literatuur is of nie: historiese, politieke, moralistiese werke, teologiese en filosofiese geskrifte, selfs natuurwetenskaplike geskrifte, werke van allerlei beskouwlike aard, reisbeskrywings, (outo)biografieë, briewe, allerlei leerdigte, memoirs, polemiese geskrifte.

Hierdie siening van die literatuur het dwarsdeur die Renaissance en tot ongeveer die agtiende eeu bly voortbestaan, sodat die betekenis van “literatuur” eers sedert die middel van die agtiende eeu tot skeppende verbeeldingswerk beperk geraak het. Die konsep “estetika” is in 1750 deur die Duitse filosoof A.G. Baumgarten (1714–1762) in die filosofie ingevoer (kyk Kuypers, 1973: 26). Immanuel Kant (1724–1804) het in sy invloedryke *Kritik der Urteilskraft* (1790) verder oor die estetika uitgewei en daartoe bygedra om dié konsep vir die skoonheidsbeleving te vestig.

Sedert die middel van die negentiende eeu het “literatuur” ’n verdere kwalifikasie bygekry, naamlik dat dit “goed” en van blywende waarde moet wees. “Die skrywer én leser kom al meer in die 19de eeu na vore as individu en word ’n al minder sosiaal gebonde wese, wat die literêre werk al meer na vore bring as ’n

besondere soort maaksel van 'n besondere soort mens" (Cloete, 1984: 4). Tot hierdie gedagterigting het die Duitse filosoof Wilhelm Dilthey (1833–1911) 'n rigtinggewende bydrae gelewer. Hierdeur is daar 'n enger siening van die aard van die literêre kunswerk gevestig, wat daartoe bygedra het om aan die literêre kunswerk se uniekheid naas die nieliterêre werk beslag te gee.

Volgens Van Gorp (1991: 230) word daar vandag in die praktyk 'n onderskeid tussen literêre en nieliterêre tekste binne 'n gegewe kulturele stelsel gemaak. Dit gebeur meestal op grond van twee eienskappe, naamlik die funksie en die interne organisasie van die tekste wat ter sprake is. Op grond hiervan waag Van Gorp (199: 230) sy hand wel aan 'n definisie van literatuur:

Een definitie van literatuur impliceert aldus zowel een specifieke functionering van bepaalde teksten binnen een systeem van teksten die tot een gegeven cultuur behoren, als een eigegeaarde structurering. De relatie tussen beiden wordt bepaald door het type van cultuur waaronder de teksten ressorteren [...].

'n Stap verder is die sosiale konsepie van die literatuur, wat gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu groot prominensie geniet het. Hierdie benadering is veral deur die Franse filosoof Jean-Paul Sartre (1905–1980) in sy werk *Que'est-ce que la littérature?* (1948) en ander geskrifte gepropageer. Volgens Cloete (1984: 6) gaan die "sosiale konsepie van die literatuur [...] uit van die standpunt dat die literêre werk 'n sosiale instelling is en dat die literariteit van 'n teks nie onafhanklik van die leser(s) bestaan nie". Die literêre werk kan dus nie tot sy reg kom indien hy geïsoleer bestaan nie.

In aansluiting by die voorafgaande wys J. Hall in *The sociology of literature* (1979) op die rol van hekwagters in die literatuur. Die konsep "hekwagter" is ontwikkel om die persoon/instansie aan te dui wat die soort kommunikasie selekteer wat die leser/ontvanger bereik. Volgens Hall (1979: 101) kan hierdie konsep ook in die literatuursosiologie toegepas word, waar hekwagters op twee maniere kan optree:

Publishers can prevent manuscripts reaching the market, as can censorship

of the type which demands pre-publication licensing. On the other hand, gatekeepers may have some influence on the book once it has been published; the fate of the book depends in part upon critics, libraries, distributors and, again, censors – though this time of the post-publication variety.

Volgens genoemde siening van die literêre kommunikasieproses kan die ontstaan, publikasie, verspreiding en ontvangs van die literêre werk as beplande en dus verklaar- en verstaanbare gebeure gesien word. In die ondersoek na Marais se wetenskaplike prosa sal getoon word hoedat verskeie hekwagters (soos verspreidingsinstansies) inderdaad sy werk beskikbaar stel en toeganklik maak (kyk hoofstukke 5, 6 en 7). Ewe belangrik is die leser se rol in die ontvangs en konkretisering van 'n literêre werk (kyk o.a. Malan, 1983). 'n Oorsig van die resepsiegeskiedenis van Marais se wetenskaplike prosa sal dus aangebied word.

In die twintigste eeu het dit egter ook duidelik geword dat die grense tussen literatuur en nieliteratuur nie altyd duidelik is nie. Talle skrywers het selfs doelbewus probeer om hierdie grense af te breek en om die eksklusiwiteit van die literatuur te bevraagteken. Dit het volgens Cloete (1984: 1) gelei tot “n groeiende literêre relativisme en twyfel aan distinktiewe en spesifieke literêre kenmerke”. Dit lei onder meer daartoe dat die drie literêre genres (nl. poësie, prosa en drama) allerlei tussenvorme ontwikkel het.¹ Volgens die pan-estetiese of literêr-imperialistiese benadering bestaan die tussenvorme of grensgevalle egter nie. “Alles wat sogenaamd mooi en goed en vlot geskrywe is, selfs wetenskaplike werke en joernalistieke geskrifte, word tot die literatuur gereken” (Cloete, 1984: 2).

Om op te som kan daar, in navolging van Jonathan Culler (1997: 27–33), gesê word dat die siening van “literatuur” met verloop van tyd, en veral sedert die agtiende eeu, sodanig ontwikkel het dat dié konsep 'n besondere vorm van kommunikasie definieer, wat dit redelik duidelik van ander vorme van kommunikasie onderskei. Literariteit word veral bewerkstellig deur die wyse waarop taal gebruik word (die sg. “foregrounding”). Literatuur is daarom taal waarin die onderskeie komponente van die teks in 'n verwikkelde verhouding verkeer. Literatuur is ook fiksie en skep 'n fiksionele wêreld waarmee die leser hom/haar op 'n besondere manier kan vereenselwig. Daarom is literatuur 'n estetiese objek en 'n intertekstuele en selfrefleksiewe konstruk.

Gedurende die twintigste eeu is die mening sterk gepropageer dat literatuur 'n produk van die samelewing is. Sonder verskillende rolspelers en sonder interaksie met en in die samelewing het die literatuur bykans geen manier (en reg) om te bestaan nie. Deur hierdie siening is die standpunt gevestig dat die literêre teks nie geïsoleer bestudeer behoort te word nie.

2.3 Kenmerke van belletristiese prosa

In die voorafgaande bespreking is 'n aanduiding gegee van wat met die konsep "literatuur" bedoel word. In 'n bespreking van die kenmerke van belletristiese prosa (afgelei van die Franse woord "belles-lettres") sal daar onvermydelik met die aard en wese van die literatuur rekening gehou moet word. Belletristiese prosa is immers 'n deel van die groter geheel wat ons literatuur noem.

Hoewel prosa vandag 'n belangrike genre is en die vertel, beluistering en lees van stories as een van die wesenskenmerke van die menslike aard beskou word, het die prosa nie altyd so 'n dominante plek in die literatuur ingeneem nie. Gedurende die twintigste eeu het die situasie egter dramaties ten gunste van die prosa verander en is die poësie nie meer as die verpersoonliking van die literatuur beskou nie. Culler (1997: 78) stel dit soos volg:

[T]he novel has eclipsed poetry, both as what writers write and what readers read and, since the 1960s, narrative has come to dominate literary education as well. People still study poetry – often, it is required – but novels and short stories have become the core of the curriculum.

Die kanonisering⁵ van Marais as bowenal 'n digter ten spyte van die beduidende hoeveelheid prosa (waaronder die beroemde *Dwaalstories*) wat hy geskryf het, kan waarskynlik aan die dominansie van poësie ten tyde van die eeuwisseling toegeskryf word.

Maar wat is kenmerkend van belletristiese prosa of die narratologie, en waarop moet die leser let as hy/sy 'n skrywer soos Marais se prosa lees? Die doel is nie om hier verskillende teorieë (bv. oor die narratologie) te ontleed nie (kyk 2.6),

maar om enkele roeteaanwysers vir die latere bespreking te bied. Waar nodig, sal daar in latere besprekings meer aandag aan die uitsprake van teoretici gegee word.

Ten aanvang moet daar klem gelê word op die belangrike rol van stories in die mens se singewing aan sy bestaan en die werklikheid. Kinders verlustig hulle in stories en mense vertel hulle familieverhale aan hulle nageslag oor. Selfs op 'n "hoër" vlak speel stories 'n prominente rol. Historici gebruik byvoorbeeld verhale om oor die ontstaan, verloop en gevolge van die Anglo-Boereoorlog verslag te doen. Culler (1997: 79) se uitspraak dat "[t]here is a basic human drive to hear and tell stories" kan dus breed vertolk word.

'n Bespreking van die kenmerke van prosa kom eerstens voor die probleem te staan dat dit "nie met een oogopslag reeds uit te maak [is] of ons met 'n *kritiese werk en prosavorm* te doen het nie, dit wil sê met 'n stuk wat tot die *literatuur* behoort nie" (Botha, 1966: 49; haar beklemtoning). Botha (1966: 55) noem die volgende as onderskeidende kenmerke van die literêre prosawerk: die wyse waarop dit "'n wêreld van die verbeelding skep" wat tóg ooreenkomste met die werklikheid vertoon; die seleksie en saamvoeg met 'n bepaalde doel van "sake uit die werklikheid" tot 'n nuwe geheel; die insig wat "so 'n werk vir ons as lesers uiteindelik besorg in, sê-nou-maar, die wêreld se beloop"; "die *samehang van sake* in so 'n literêre werk"; en die wyse waarop die dele van die literêre werk "saamwerk".

Volgens die Griekse filosoof Aristoteles (384–323 v.C.) is die plot die belangrikste onderskeidende kenmerk van 'n vertelling; 'n essensiële element waarsonder 'n goeie vertelling nie kan bestaan nie. Culler (1997: 80) beweer: "[A] plot requires a transformation. There must be an initial situation, a change involving some sort of reversal, and a resolution that marks the change as significant."

Culler (1997: 81) wys daarop dat die "basic distinction of the theory of narrative, then, is between plot and presentation, story and discourse". Verskillende representasies van die werklikheid kan in die vertelling aangedui word. Die leser kan hom-/haarself byvoorbeeld afvra watter soort representasie deur die skrywer gekies is (bv. wat die vertelsituasie betref) en wat die gevolg daarvan is. 'n Verdere aspek van die narratologie waarop Culler (1997: 84–86) wys, is die spesifieke karakter wat verskillende soorte fokalisasie aan 'n vertelling gee.

Culler (1997: 87) wys verder daarop dat stories plesier aan die leser verskaf. Hulle leer die leser ook:

For stories have the function, as theorists have emphasized, of showing us about the world, showing us how it works, enabling us – through the devices of focalization – to see things from other vantage points, and to understand others' motives that in general are opaque to us.

Marais se belletristiese prosa toon nie alleen duidelike kenmerke van die genre wat hier oorsigtelik aandag gekry het nie; sy werk, waarin “die stem van die storieverteller” (Marais, 1982: 24) sterk op die voorgrond tree, is selfs ’n goeie voorbeeld van die belangrike aandeel van stories in ons kultuur. Daar is heelwat getuigenis uit sy belletristiese prosa te haal om hierdie stelling te steun (kyk 4.4).

In hierdie studie word die konsep “bellettrie” of belletristiese prosa gebruik om Marais se nuwetenskaplike prosa aan te dui. Dit is die tekste waarin dié elemente oorheers wat in hierdie afdeling behandel is. Dit sluit al die kortverhale en sketse in wat Marais gedurende sy lewe gepubliseer het en waarvan heel party eers postuum in boekvorm verskyn het (kyk hoofstuk 4). In die bespreking van Marais se nuwetenskaplike prosa sal daar nietemin ook na aspekte van die belletristiese prosa verwys word.

2.4 Wat is wetenskap?

Dit is eweneens nie maklik om te antwoord op die vraag wat “wetenskap” is nie. Om die wetenskap se unieke en besondere eienskappe aan te dui, moet ’n mens immers rekening hou met uitsprake van skeptici wat beweer dat die wetenskap oor geen besondere eienskappe beskik wat dit bo ander vorme van kennis verhef nie (kyk bv. Feyeraabend, 1975). Ten spyte hiervan is dit wel moontlik om enkele algemene opmerkings oor die konsep “wetenskap” te maak.

Uit die geraadpleegde literatuur en ’n beskouing van die konsep “kennis” blyk dat om ’n duidelike begrip te kry van wat met “wetenskap” bedoel word, dit noodsaaklik is om die verskille en ooreenkomste tussen voorwetenskaplike en

wetenskaplike kennis aan te dui (kyk Stoker, 1969: 133–138; De Vos, 1972: 95–8; Castelyn, 1989: 36–38).

Die onderskeid tussen voorwetenskaplike en wetenskaplike kennis is vir die eerste keer deur die Middeleeuse filosoof Augustinus (354–430) gemaak (kyk Luijpen, 1973: 100). Daarna het daar egter nog heelwat tyd verloop voordat die onderskeidende eienskappe van dié twee soorte kennis duidelik geword het. H.G. Stoker (1969: 133) vat hierdie onderskeid soos volg saam:

Wetenskap is kennis. Nie alle kennis is wetenskap nie. Kennis wat nie wetenskaplik is nie, noem ons voorwetenskaplike kennis. Van laasgenoemde is voorbeelde: intuïtiewe kennis van 'n moeder van haar kind; kennis gegee met die wedersydse liefde van twee bemindes; met die inspirasie van 'n kunstenaar; met intuïtiewe regsbesef; en meer in die algemeen: alledaagse kennis uit die praktiese ervaring; lewens- en beskoulike kennis, w.o. religieuse geloofskennis, ensovoorts. Dit sluit bo-wetenskaplike kennis (wat die menslike verstand te bowe gaan) in.

Stoker (1969: 133) sê ook vir sover “bo-wetenskaplike kennis uit die voorwetenskaplike opkom en hulle mekaar wedersyds beïnvloed, kan 'n skerp grens tussen die twee moeilik getrek word. Tog behoort tussen hulle so duidelik as moontlik onderskei te word.”⁶ Kortom, voorwetenskaplike kennis kan nie uitgedruk, uitgespreek of getematiseer word nie en kan as nierefleksiewe bewussyn beskryf word. Wetenskaplike kennis, daarenteen, is tematies, sistematies en krities en kan ook refleksiewe bewussyn genoem word.

Die sewentiende-eeuse filosoof René Descartes (1596–1650) het die opvatting gevestig dat kennis die voorstelling *in* 'n “onpartydige” subjek is van 'n wêreld wat onafhanklik van daardie subjek is. Hierdie siening het kenmerkend van die werkwyse van die natuurwetenskappe geword. Stoker (1969: 134–136) sien die onderskeid tussen wetenskaplike en voorwetenskaplike kennis, en dus die wese van wetenskaplike kennis, soos volg:

- By wetenskaplike kennis gaan dit om kennis as sodanig;
- Wetenskap is geverifieerde kennis;

- Wetenskap is gesistematiseerde kennis;
- Wetenskap is tegniese-metodiese gevormde kennis; en
- Wetenskaplike kennis is begrens, “soveel moontlik”.⁷

Uit die voorafgaande blyk dat daar mettertyd ’n bepaalde siening oor die metodologie van die natuurwetenskappe ontwikkel het. Die wetenskaplike metode word dus in wese gekenmerk deur die versamel van klein kenniseenhede wat gekategoriseer word om met veralgemenings vorendag te kan kom. Op hierdie manier kan duidelike, ondubbelsinnige antwoorde op omtrent alles onder die son verskaf word. Deur die toevoeging van meer kennis of inligting deur wetenskaplikes neem wetenskaplike kennis toe en is die mens beter in staat om die wêreld te verstaan en om antwoorde op onbekende sake te gee.⁸

Die wetenskapsopvattinge (o.a. dié van Stoker) wat tot dusver in hierdie afdeling ter sprake gekom het, vertoon almal sterk modernistiese trekke. Dit is egter gepas om in hierdie studie van dié opvattinge kennis te neem, aangesien dit in die wetenskap die dominante paradigma vir die grootste deel van die twintigste eeu was. Dit sluit die eerste dekades van die eeu in toe Marais sy navorsing gedoen en sy idees neergepen het.

Met verloop van tyd het daar egter kritiek teen die modernistiese benadering ontstaan. Die siening van die wetenskap as ’n neutrale, waarde-vrye soeke na die waarheid is weliswaar eers in 1962 deur Thomas S. Kuhn (1922–1996) in die invloedryke *The structure of scientific revolutions* (1996) radikaal bevraagteken. Met sy siening van wetenskaplike navorsing as “a product of a complex interaction between traditions, its authoritative structures, and its environment” (Sardar, 2000: 31) het Kuhn die weg vir die bestudering van die wetenskap as ’n sosiale aktiwiteit gebaan. Opvattinge van vroeër kon nie meer algemene sekerhede bied nie.

Aan die begin van die een-en-twintigste eeu het die wetenskap dus ’n kulturele simbool geword waaroor daar baie gesprekvoering is. Kuhn se siening van normale wetenskapsbeoefening as die uitvoer van navorsing binne en vanuit ’n dominante paradigma het selfs plek moes maak vir die meer “demokratiese” postnormale wetenskapsbeoefening, waarvoor Ziauddin Sardar (2000: 74) soos volg skryf:

In post-normal science, the quality assurance of scientific inputs to policy processes requires an 'extended peer community', consisting not just of the experts but of all stakeholders. And they can bring in their 'extended facts', not just traditional results, but also local knowledges, community surveys, leaked documents and investigative journalism.

Daar moet ook genoem word dat die wetenskap in die hedendaagse wêreld nog steeds hoë aansien geniet.⁹ Die opvatting word wyd gehuldig "that there is something special about science and its methods" (Chalmers, 1999: ix). Iets wat op "wetenskaplikheid" aanspraak maak, beskik byvoorbeeld in baie mense se oë oor besondere waarde en status. Dit sluit nuttigheids- en verkoopswaarde in! Dikwels beklee diegene wat hulle met die wetenskap besig hou en met wetenskaplike bevindinge en uitvindings vorendag kom ook 'n besondere plek in ons samelewing. Oor die "wetenskaplike oorloë" wat Kuhn begin het (kyk Sardar, 2000), hou baie hulle nog dom.

Net soos die literêre teks bestaan die wetenskaplike teks nie geïsoleer nie. Deur die ontvangs wat 'n wetenskaplike se werk te beurt val en die status wat ander wetenskaplikes of meningsvormers (d.w.s. hekwagters) op 'n bepaalde tydstip in die geskiedenis aan die werk toeken, word die waarde van sowel die gepubliseerde resultate as dié van die wetenskaplike self bepaal. Die mate waarin dit ook ten opsigte van Marais gegeld het, word later in hierdie studie aangetoon.

2.5 Kenmerke van wetenskaplike tekste

"All over the globe, every moment of the day, someone is being asked to make a search and write a report on some state of fact, or else to read and analyze one, so that action may be taken. Reports are the means by which we try to substitute intelligence for routine and knowledge for guesswork" (Barzun & Graff, 1977: 4). In die wetenskaplike wêreld speel verskillende soorte verslae eweneens 'n deurslaggewende rol om navorsingsaktiwiteite en -bevindinge bekend te stel. Ondergang staar immers wetenskaplikes wat nie publiseer nie in die gesig: "Publish

or perish!" Vir die doeleindes van hierdie studie sal vervolgens nie net aan die wetenskaplike verslag aandag gegee word nie, maar aan die breër kategorie, naamlik die "wetenskaplike werk" (kyk Ingarden, 1980: 328–330) of die "wetenskaplike teks".

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat wetenskaplike kennis na veralgemenings of universele geldigheid strewe, sodat die "kennisresultate die kritiese toetsing en oordeel van ander ter sake kundiges sal kan ontmoet en sal kan deurstaan" (Rossouw, 1993: 96). In aansluiting by die strewe na universele geldigheid is die ideaal om op rasionele wyse verantwoordbaar te wees, sodat "rekenskap gegee kan word teenoor medesubjekte" (Rossouw, 1993: 96). 'n Verdere kenmerk hiervan is dat kennisaansprake "deur logiese konneksies ingebind word deur die breëre kader van 'n omvattende teorie of stel teorieë" (Rossouw, 1993: 96).

In die verwesentliking van hierdie ideale in verband met wetenskaplike kennis is kommunikeerbaarheid 'n bepalende faktor. Die kommunikasie met "medesubjekte" geskied "in terms of some language, verbal or mathematical, common to the members of his cultural group" (Huxley, 1963: 8), veral deur middel van boeke, verslae, referate, lesings en artikels. In al hierdie tekste is die geskrewe en/of gesproke woord belangrik. Reisjoernale, briewe, en veld- en laboratorium-aantekeninge kan eweneens by die voorafgaande lys gevoeg word. Hierdie tekste sal noodwendig 'n eie karakter openbaar, wat dit 'n integrale deel van die wetenskapsbeoefening sal maak. Die tekste sal daarbenewens noodwendig kenmerke vertoon wat eie aan die aard van die wetenskap is. Maar watter kenmerke het wetenskaplike tekste? Is daar byvoorbeeld bepaalde retoriese kenmerke wat die wetenskaplike teks van ander tekste onderskei?

Deur na enkele voorskrifte in algemene handleidings vir die skryf van wetenskaplike tekste te kyk, kan 'n aantal tradisionele, hoofsaaklik modernistiese kenmerke uitgesonder word.¹⁰ Volgens Michael Alley (1987: 13) is daar "three elements of style in scientific writing: *language, illustration, and structure*". Alley (1987: 15) maak ook 'n duidelike onderskeid tussen wetenskaplike en literêre skryfwerk:

Scientific writing is not the same as literary writing. In scientific writing, you

have a single defined purpose, that being to inform a particular research project. Literary writing, on the other hand, has no single purpose. There can be any number of reasons behind the writing of a poem or story: anger, love, depression, even boredom.¹¹

Dat wetenskaplikes terdeë bewus is van die belangrikheid van goed geskrewe kommunikasie blyk uit Hans I. Ebel, Claus Bliefert en William E. Russey (1987: 5) se uitspraak: “Only the researcher who is competent in the art of *written* communication can play an active role in *contributing* to science” (hulle beklemtoning).

Oor die sleuteleienskap van wetenskaplike skryfwerk, naamlik die ondubbelsinnige oordrag van inligting, skryf Robert A. Day (1998: 1) soos volg:

The key characteristic of scientific writing is clarity. Successful scientific writing is the result of a clear mind attacking a clearly stated problem and producing stated conclusions. Ideally, clarity should be a characteristic of any type of communication; however, when something is being said *for the first time*, clarity is essential. (Sy beklemtoning.)

Die voorafgaande skrywers gaan van die standpunt uit dat wetenskaplikes hulle bevindinge bekend moet stel deur veral daaroor te skryf. In sulke tekste moet die taal op so 'n manier gebruik word dat onnodige “oop plekke” (Eco, 1985) soos dié in literêre tekste nie van die leser sal vereis om as dekodeerder op te tree nie. Die volgende woorde van Day (1998: 2) is 'n sprekende bewys hiervan:

Scientific writing is the transmission of a clear signal to a recipient. The words of the signal should be as clear and simple and well ordered as possible. In scientific writing, there is little need for ornamentation. The flowery literary embellishments – the metaphors, the similes, the idiomatic expressions – are very likely to cause confusion and should seldom be used in research papers.

Science is simply too important to be communicated in anything other than words of certain meaning.

Die standpunt dat die wetenskaplike diskoers bowenal gekenmerk word deur die vermyding van dubbelsinnigheid en veelvoudige betekenisse is, onder andere, deur Aldous Huxley in *Literature and science* (1963) gehuldig. Huxley (1963: 13–14) skryf soos volg:

The aim of the scientist is to say only one thing at a time, and to say it unambiguously and with the greatest possible clarity. To achieve this, he simplifies and jargonizes. In other words, he uses the vocabulary and syntax of common speech in such a way that each phrase is susceptible of only one interpretation; and when the vocabulary and syntax of common speech are too imprecise for this purpose, he invents a new technical language, or jargon, specifically designed to express the limited meaning with which he is professionally concerned. At its most perfectly pure, scientific language ceases to be a matter of words and turns into mathematics.

Van die grootste wetenskaplikes, soos Charles Darwin (kyk Bulhof, 1988), Konrad Lorenz (kyk Nisbett, 1976) en Richard Dawkins (kyk Sexton, 2001),¹² het hulle nie aan hierdie “voorskrifte” gesteur nie, en die implikasies daarvan het helaas by baie wetenskaplikes verbygegaan.¹³ Die meeste skrywers van handleidings vir die skryf van wetenskaplike tekste laat byvoorbeeld na om die paradigma-verskuiwings van die onlangse verlede (kyk 5.5) in ag te neem, en dra sodoende ’n eendimensionele siening van die wetenskap voort. Aangesien Marais se wetenskaplike prosa uit ’n modernistiese era dateer en terselfdertyd eienskappe vertoon wat eers later as gangbare praktyk beskou sou word, is dit belangrik om hierdie konteks voor oë te hou.

In dié studie sal veral by die volgende uitspraak van David Locke (1992: 201) in *Science and writing* aangesluit word:

Our particular enemy is the traditional dogmatic assurance that scientific language is everything that literary language is not – that it is not expressive, not evocative, not interesting and so on – that it is, rather, merely the code that records the facts that science uncovers. Surely we must now accede to the counter traditional view that scientific language cannot operate

that way, that no language can, that language is not, ever, a simple vehicle for nonlinguistic thought, a verbal rendition of some nonverbal beyond.

Uiterlik vertoon wetenskaplike tekste in hulle samestelling dikwels ooreenkomste. In hierdie verband gee die “ondubbelsinnige” voorskrifte van wetenskaplike tydskrifte en navorsingsinstellings (bv. die Buro vir Wetenskaplike Publikasies, die Stigting vir Navorsingsontwikkeling en die American National Standards Institute) riglyne oor die wetenskaplike skryfwyse, soos in verskeie handleidings uiteengesit, die toon aan. Die formaat waarin wetenskaplike bevindings aangebied word, is dus dikwels die gevolg van bepaalde konvensies (kyk Day, 1998: 11). Dit verander nie noodwendig iets aan die “wetenskaplikheid” van die bevindings wat aangebied word nie. Ander aanbiedingskonvensies is ook aanvaarbaar, soos hierdie studie sal aantoon.

2.6 Narratologie en wetenskap

Daar word vandag wyd aanvaar dat die mens lank reeds oor die vermoë beskik om te praat en om verhale te vertel. Alles dui daarop dat “the symbolism and imagery embodied in the art that flourished from 30 000 ago onwards surely signals the origin of modern language capacity, including the ability to articulate complex abstract ideas” (Leakey, 1981: 139). Die vermoë om te praat, abstrakte gedagtes in woorde uit te druk en verhale te vertel, kan selfs as wesenskenmerke van die mens (*Homo sapiens*) beskou word.

Die bestudering van verhale het reeds by Plato (427–347 v.C.) en Aristoteles (384–322 v.C.) begin, maar tog is “dit moeilik om verder terug as die twintigste eeu teoretici op te spoor wat werklik ernstig, diepgaande en omvattend probeer nadink het oor die aard – en selfs die regverdiging – van die prosaverhaal, veral in die vorm van ’n roman” (Brink, 1987: 13). In die twintigste eeu is baie gedoen om die kenmerke en werking van verhalende tekste soos die roman en die kortverhaal aan te dui, wat ook vir ’n beter begrip van die rol van narratologie in die wetenskap van belang is.

Mieke Bal (1980: 12) beskryf die narratologie as “de theorie van verhalende teksten”, terwyl Shlomith Rimmon-Kenan (1988: 3) die storie, die teks en die vertelproses as basiese aspekte van die narratologie uitsonder. Om ’n omskrywing van die konsep “storie” te kry waarna Rimmon-Kenan verwys, kan ons teruggaan na E.M. Foster se *Aspects of the novel* uit 1927 waarin ’n onderskeid tussen “storie” en “plot” gemaak word. Vir Foster (1979: 41) is die storie oud en dateer dit uit die vroeë dae van die mens se ontwikkeling:

It is immensely old – goes back to neolithic times, perhaps to palaeolithic. Neanderthal man listened to stories, if one may judge by the shape of his skull. The primitive audience was an audience of shockheads, gaping round the camp-fire, fatigued with contending against the mammoth or the woolly rhinoceros, and only kept awake by suspense. What would happen next?

In wese is die “storie” waarna Foster verwys die basiese boustof waaruit die verhaal saamgestel word. Die gebeure in die verhaal kan chronologies, logies of kousaal (Du Plooy, 1986: 296) georden word. Indien dit egter nie in die teks gebeur nie, moet die leser self die chronologie, die logika en die kousaliteit daarvan bepaal. Met “teks” word hier verwys na sowel die gesproke as die geskrewe woord, wat op verskillende wyses aan die leser en/of hoorder beskikbaar gestel kan word.

Gedurende die twintigste eeu het die studie van die narratologie nuwe lig gewerp op, onder meer, ’n ou verhaalvorm soos die sprokie (kyk Propp, 1975), terwyl die Russiese formaliste (o.a. Roman Jakobson, Boris Tomashevsky en Juri Tynyanov), die Praagse strukturaliste (o.a. Roman Jakobson en Jan Mukařovsky) en die Franse strukturaliste (o.a. A.J. Greimas, Roland Barthes en Gérard Genette) ons kennis van verhalende tekste verryk het (kyk Du Plooy, 1986). Volgens Du Plooy (1992: 331) is navorsing oor die narratologie nie net vir die literatuur nie, maar ook vir die humaniora en die sosiale wetenskappe van waarde.

Opvallend min aandag is egter tot dusver aan die rol van die narratologie in wetenskaplike tekste gegee. Dit wil voorkom of literatuurwetenskaplikes die onderwerp óf heeltemal vermy óf as iets beskou waaroor hulle nie kans sien om ’n mening uit te spreek nie – ’n onderwerp waaroor hulle selfs nie veronderstel is of geroepe voel om standpunt in te neem nie. Die volgende uitspraak van Rimmon-

Kenan (1988: 3) illustreer hoe literatuurwetenskaplikes tot dusver daaroor geoordeel het:

It is arguable that history books, news reports, autobiography are in some sense no less fictional than what is conventionally classified as such. In fact, some of the procedures used in the analysis of fiction may be applied to texts conventionally defined as 'non-fiction'. Nevertheless, since such texts will also have characteristics specific to them, they are beyond the scope of this book.

Teen die einde van die twintigste eeu het dit nietemin duidelik geword dat narratologie en wetenskap inderdaad meer vir mekaar te sê het as dit waarvoor daar tot in daardie stadium erkenning gegee is. 'n Aantal wetenskaplikes het in der waarheid die aandag op die aandeel van die narratologie en literêre tegnieke in die wetenskaplike diskoers begin vestig. Van die belangrikste bydraes op hierdie terrein is die werk van die Amerikaner Misia Landau (1981, 1984 en 1991), wat bekendheid verwerf het vir haar navorsing oor die plek van narratologie in tekste oor die oorsprong van die mens.

Landau beskou hierdie soort literatuur as 'n nuwe genre: die antropogenie ("the anthropogenic"). In haar Harvard-proefskrif skryf Landau (1981: ii) soos volg oor hierdie nuwe klas:

According to this theory, which derives largely from literary criticism and especially structuralism, the anthropogenic is characterized not by a set of fossils or theoretical principles but instead by a common underlying narrative structure.

Deur onder meer gebruik te maak van V. Propp (1975) se *Morphology of the folktale* uit 1968 toon Landau (1981 en 1991) aan hoedat die belangrikste Britse antropogenetici van die negentiende en die begin van die twintigste eeu, soos T.H. Huxley, Charles Darwin, Arthur Keith, Grafton Elliot Smith en die Duitser Ernest Haeckel, almal van tegnieke gebruik gemaak het wat eie aan die literatuur is. Vir Landau (1984: 262) is die vertelling "an appropriate form of scientific hypothesis", en sy lewer 'n pleidooi dat die vertelling ernstiger opgeneem moet word:

Rather than avoid them, scientists might use them as they are used in literature, as a means of discovery and experimentation. Treating scientific theories as fictions may even be a way of arriving at new theories.

Roger Lewin (1991: 30–46) wy 'n hele hoofstuk aan Landau se invloed op die wetenskaplike wêreld. Haar bydrae het 'n beduidende verskuiwing in die siening van die rol van die narratologie in tekste oor die oorsprong van die mens teweeggebring. Hoewel Landau se sienings nie sonder meer op wetenskaplike tekste oor ander onderwerpe toegepas kan word nie, bied dit die moontlikheid om aspekte van etologiese tekste soos dié van Marais op 'n nuwe manier te benader. Hierdie moontlikhede sal in hoofstuk 5 by die bespreking van Marais se tekste oor termiete en veral in hoofstuk 6 by die bespreking van Marais se tekste oor bobbejane verder ondersoek word.

2.7 Samevatting

Aangesien daar in hierdie studie pertinent aandag gegee word aan Marais se wetenskaplike prosa sal daar deurgaans 'n spanning tussen sy belletristiese en wetenskaplike werk bestaan en (n.a.v van Snow, 1969 en Huxley, 1963) selfs veronderstel word. Dit is onvermydelik in die lig van die wyse waarop Marais in die Afrikaanse literatuur aanvanklik as digter en as skrywer van belletristiese prosa gekanoniseer is. Die pole wat tot hierdie spanningsveld gelei het, is bepaalde literatuur- en wetenskapsopvattinge wat veral sedert die negentiende eeu baie sterk geword het.

Vir Culler (1997: 17) is die vraag oor wat literatuur is nie van besondere belang nie. Hy noem twee redes. Enersyds vermeng literêre teorie self opvattinge uit die filosofie, linguistiek, geskiedenis, politieke teorie en psigoanalise, terwyl daar andersyds "literariteit" in nieliterêre tekste is. Hierdie inklusiewe siening van Culler en ander teoretici ten opsigte van literatuur en ander kennisvelde soos onder andere met Locke geïllustreer, het helaas nie gedurende die grootste deel van die

negentiende en die twintigste eeu bestaan nie. Dit is ook te betwyfel of dit in die hedendaagse wêreld wyd aanvaar en uitgeleef word. Hierdie soort ingesteldheid word nietemin as besonder relevant beskou in hierdie ondersoek na die aard van Marais se wetenskaplike prosa.

Daar word veronderstel dat die wyses waarop letterkundiges en wetenskaplikes hulle inligting bekom, daarvoor skryf en hulle werk dissemineer, hemelsbreed van mekaar kan verskil. Dit, en die uiteenlopende literêre tradisies, dra waarskynlik daartoe by dat aanvaar is en steeds word dat literêre en wetenskaplike tekste grootliks van mekaar moet verskil. Die moontlike ooreenkomste tussen literêre en wetenskaplike tekste word daarom selde bespreek. Wanneer die suksesvolle wetenskaplike (dit sluit die skrywer in wat óók wetenskaplike is) sy/haar hand op papier waag, blyk daar nietemin raakpunte wat aandag verdien. Paradigmaverskuiwings gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu het literatuur en wetenskap onherroeplik “nader aan mekaar” gebring. Locke (1992: 206) skryf soos volg:

The comparison of science and literature need not be invidious in either direction. Literature has no exclusive claim on imagination, expressivity, persuasiveness, creativity; science no patent on truth, reliability, functionality. The literary scholar need be no more isolated from the world than the scientist; the library shelves are no dustier than the laboratory bench. Both science and literature are about the truth of the world. And these are not two languages – the language of science and the language of poetry – but one, the language of humankind.

Om behoorlik te kan kommunikeer, moet wetenskaplikes dikwels noodwendig van literêre tegnieke gebruik maak. Kortom, alle wetenskaplike skrywers manipuleer hulle inligting met behulp van literêre tegnieke om hulle boodskap te kan oordra, soos onder meer uit die bespreking van Marais se wetenskaplike prosa in hoofstukke 5, 6 en 7 sal blyk.

AANTEKENINGE

1. Du Toit (1940: 20) maak melding van “’n boek oor ‘Deeds Office Practice’, wat tans nog in Swaziland in gebruik is”, wat Marais waarskynlik in 1904 en/of 1905 opgestel het. Geen ander studie oor Marais het sedertdien met meer inligting oor hierdie boek vorendag gekom nie (kyk o.a. Venter, 1989). Al my pogings om ’n eksemplaar van die boek in die hande te kry, het ook tot dusver misluk.
2. Volgens Charles Malan (1985: 9) word “literatuur” en “letterkunde” “gewoonlik as wisselvorme gebruik – eintlik verkeerdelik, aangesien ‘-kunde’ op die wetenskapsgebied behoort te dui: vgl. letterkundige”.
3. Hierdie inklusiewe gebruik van die konsep “literatuur” bly onder meer voortleef in die volgende gebruik van die woord: “Daar is ’n magdom literatuur oor Albert Einstein se relatiwiteitsteorie in ons biblioteek en op die internet.”
4. Volgens Thomas O. Beebee (1994: 249–250) is “the truly vital meanings of a text [...] often not contained in any specific generic category into which the text may be placed, but rather in the play of differences between its genres”. Beebee (1994: 251) redencer egter ten gunste van “the ubiquity and necessity of genre”.
5. “A canon is commonly seen as what other people, once powerful, have made and what should now be opened up, demystified, or eliminated altogether” (Von Hallberg, 1984: 1).
6. Stoker (1969: 133–135) gee ’n aantal weerleggings van “enkele onbevredigende onderskeidings” tussen wetenskaplike en voorwetenskaplike kennis.
7. Stoker (1969: 136) baseer hierdie siening daarop dat die mens “nie álles ken wat God ken nie; en wat hy kan ken, kan hy nie ken soos God dit ken nie. ‘Soveel moontlik’, dus, as wat die kreatuurlikheid van die mens en sy wetenskap dit toelaat.”
8. Die natuurwetenskappe en die tegnologie het potensieel ’n groot voorsprong bo onder meer die geesteswetenskappe en die kunste deurdat veel meer geld vir navorsing en die beoefening van hierdie kennisaktiwiteite beskikbaar is. Die nut daarvan word

besonder hoog aangeslaan.

9. Die wetenskap se “sondes” – onder meer die skep van die atoombom en die vernietiging van biodiversiteit – word hom (gelukkig?) nie in alle opsigte toegereken nie. Die vooruitgang van onder meer die mediese wetenskap en die inligtingstechnologie word globaal benut en selfs as besonder navolgenswaardig beskou.
10. Hierdie uitsprake word aangehaal onder meer as voorbeeld van die stereotiepe sienings van die wetenskap (versus die literatuur) wat daaruit na vore tree. Dit bied voorts die algemene sienings van die wetenskap in die algemeen en van die wetenskaplike teks in die besonder.
11. Ook hierdie siening van sowel wetenskaplike as literêre skryfwerk is ’n oorvereenvoudiging.
12. Oor die bioloog Richard Dawkins se *The selfish gene* (1976) skryf Ed Sexton (2001: 3–4) soos volg:

[T]he rhetoric of *The Selfish Gene* is all too easy to criticise. Dawkins’ metaphorical and often aggressive use of language can alienate readers rather than persuade them. Certain words are downright confusing, such as ‘selfish’ in the title, which the author constantly reminds us he is using in a ‘special way’. Putting aside our common understanding of these words and replacing them with Dawkinspeak is not helped by the occasional outbursts and anti-religious swipes which litter the book [...]

In die lig van hierdie uitspraak het die inhoud van Dawkins se *Unweaving the rainbow: Science, delusion and the appetite for wonder* (1999) nie as ’n verrassing gekom nie. Die titel sê al genoeg.

13. Dit is interessant dat Sigmund Freud met die Goetheprys vir Literatuur bekroon is en byna die Nobelprys vir Literatuur gekry het (kyk Locke, 1992: 131).

HOOFSTUK 3

'N OORSIG VAN MARAIS SE LEWE EN WERK

3.1 Inleiding

Aangesien hierdie studie van die standpunt uitgaan dat kontekstuele faktore belangrik is wanneer Eugène N. Marais se wetenskaplike prosa in oënskou geneem word, bied die onderhawige hoofstuk inligting oor sy lewe en werk. Marais was as mens inderdaad “capable of moving the interest of posterity” (Lee, 1971: 9) en baie is reeds oor hom as mens geskryf (kyk 1.1). Die ondersoek veronderstel nogtans nie noodwendig 'n direkte verband tussen oorsaak en gevolg in Marais se lewe en werk nie.

Die hoofstuk begin met 'n kort biografiese oorsig waarin die chronologiese verloop van Marais se lewe en werk in breë trekke behandel word. (Aspekte hiervan sal in latere hoofstukke meer indringend toegelig word.) Daarna word oorsigtelik aandag gegee aan invloede wat op Marais ingewerk het en wat moontlik sy belangstelling in die wetenskappe geprikkel en hom toegerus het om daarvoor te skryf. Sy lewe word in meer besonderhede beskou aan die hand van vier tydperke, te wete sy kinderjare, sy studietydperk in Londen, sy verblyf in die Waterberg en die tydperk daarna tot en met sy dood. Die hoofstuk word met 'n samevatting afgesluit.

3.2 Biografiese besonderhede

Eugène Nielen Marais is op 9 Januarie 1871 op die plaas Les Marais by Daspoort net buite die destydse Pretoria gebore as die dertiende en jongste kind van Jan Christiaan Nielen Marais en Catharina Marais (geb. Van Niekerk).

Die stamvader van die Marais's was Charles Marais van Le Plessis Marle naby Longvilliers, suid van Parys, Frankryk. Hy en sy vrou, Catherine Taboureaux, en hulle kinders het Frankryk in Oktober 1685, kort na die herroeping van die Edik

van Nantes, verlaat om 'n heenkome in die Republiek van die Verenigde Provinsies van die Nederlande te gaan soek. Volgens C. Pama (1983: 216–217) het hulle die Rooms-Katolieke geloof op 14 September 1687 in die Waalse kerk in Den Haag afgesweer.

Danksy die feit dat die Here XVII emigrasie na die Kaap aangemoedig het het nagenoeg 200 Franse vlugtelinge besluit om hulle in Afrika te kom vestig (kyk Böeseke, 1981: 50). Marais en sy gesin het Delftshaven op 31 Desember 1687 op die skip *Voorschooten* verlaat. Op 13 April 1688 het hulle in Saldanhabaai aangekom en van daar af met die *Jupiter* na Kaapstad gereis (kyk Pama, 1983: 217).

Die nageslag van Charles Marais, wat in April 1689 deur 'n Khoi-aanvaller in die Drakenstein vermoor is (kyk Bryer & Theron, 1988: 44), sou lank hoofsaaklik in die Kaap bly en primêr by die landbou betrokke wees.¹ Eugène N. Marais se ouers sou eers elf jaar voor sy geboorte in 1871 van die plaas Nektar in Jonkershoek, Stellenbosch, wegtrek en daarna 'n aantal jare in Bloemfontein, in die Republiek van de Oranje-Vrijstaat, woon. Ongeveer drie jaar voor Marais se geboorte vestig sy ouers hulle in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) (kyk Rousseau, 1984c: 2), ofskoon heelparty van Marais se broers en susters in die Boland of in die Vrystaat agterbly.

Gedurende die eerste tien jaar van sy lewe woon Marais in Pretoria by sy ouers: eers op die geboorteplaas by Daspoort, en daarna in Lynnwood House aan die westelike oewer van die Apiesrivier. Op vyfjarige ouderdom begin hy sy skoolopleiding by 'n Nederlandstalige onderwyseres, mej. Anna Pottger, in die konsistorie van die ou grasdakkerkie op Kerkplein. Daarna ontvang hy onderrig van 'n Engelse predikant, aartsdeken A. Roberts (kyk Du Toit, 1940: 2). Sy eerste Nederlands-onderrig ("feitlik as 'n vreemde taal", volgens Nienaber-Luitingh, 1962: 13) ontvang hy een keer per week van ds. A.J. Begemann.

Volgens Du Toit (1940: 5–7) gaan woon Marais in 1881 by sy oudste broer, Charles Gerard Marais, op Boshof in die Vrystaat. Hier gaan hy tot aan die einde van 1884 skool, waarna hy by sy suster Lizzie Niemeyer in die Paarl gaan woon en op sestienjarige ouderdom aan die Paarl Public School matrikuleer. Hy word hoofsaaklik deur medium van Engels onderrig en het volgens Du Toit (1940: 8)

“vinnig vooruitgegaan, veral wat die taalkundige vakke betref”. In hierdie tyd, terwyl hy nog op skool is, verskyn Marais se eerste gedigte (wat in Engels geskryf was) in die *Paarl District Advertiser*.

Na afloop van sy skoolopleiding keer Marais na die ZAR terug, waar hy in Pretoria as klerk in ’n prokureurskantoor begin werk. Op grond van sy skryftalent, wat reeds op skool as joernalis van die Union Debating Society geblyk het, begin hy bydraes vir die *Transvaal Advertiser* skryf (kyk Du Toit, 1940: 9). In 1890, op negentienjarige ouderdom, word hy redakteur en, ’n jaar later, mede-eienaar van die Nederlandstalige weekblad *Land en Volk*. Marais se koerantwerk laat hom by heelwat omstredenheid met hooggeplaastes betrokke raak, wat meermale op lastereise uitloop (kyk 4.2).

Hy tree op 27 Augustus 1894 met Aletta (Lettie) Beyers uit Colenso (in die latere KwaZulu-Natal) in die huwelik. Skaars elf maande later, op 17 Julie 1895, nege dae na die geboorte van hulle seun Eugène Charles Gerard op 8 Julie, sterf sy aan kraamkoors (kyk Rousseau, 1984c: 92). Marais se suster Sophie Ueckermann neem die babaseuntjie in haar sorg en die seun sou nooit permanent by sy vader, met wie hy ’n komplekse verhouding gehad het, woon nie. Gedurende 1896 sterf ook albei Marais se ouers ’n maand na mekaar (kyk Rousseau, 1984c: 103–104). In Desember 1896 dra Marais die redakteurskap van *Land en Volk* aan J.Y. O’Brien oor (kyk Du Toit, 1940: 14) en vertrek met die *Dunottar Castle* na Londen om hom aan die Inner Temple te gaan inskryf as regstudent.

Marais bly vyf jaar in Europa en blyk baie ontvanklik vir die strominge van die tyd te wees. Benewens sy regstudies is hy ook in ander onderwerpe geïnteresseerd. Hy doen heelwat mediese kennis op, wat veral gedurende sy verblyf in die Waterberg nuttig sou wees. Hy maak ook waarnemings van die gedrag van ’n marmoset en ’n sjimpansee (kyk 6.2) en bestudeer en/of lees intensief oor Egiptologie, hipnotisme, spiritisme en goëlery. Al hierdie onderwerpe sou later heelwat aandag in sy geskrifte kry.

Tydens ’n groot deel van die Anglo-Boereoorlog word Marais, as burger van die ZAR, toegelaat om op parool in Londen te bly om sy finale regseksamen in September 1901 te kan aflê. In 1902 sluit hy aan by ’n geheime ekspedisie onder leiding van ’n Duitse geneesheer, dr. E. Schultz, wat via Brussel met Duitse

finansiering medisyne en chemikalieë vir die vervaardiging van plofstowwe na die Boeremagte wil smokkel. Die ekspedisie reis per skip langs die ooskus van Afrika af “om in aanraking met die kommando van genl. Beyers in Soutpansberg te kom” (Marais, 1984: 422). In Beira, in die destydse Portugees-Oos-Afrika (die huidige Mosambiek), kry hulle egter berig van die sluiting van die Vrede van Vereeniging en die geselskap gaan uiteen. Marais en ander lede van die geselskap doen tydens die ekspedisie malaria in die huidige Mosambiek op.² Dekades lank sal Marais sy morfiënafhanklikheid onder meer aan die nagevolge van malaria toeskryf, al het hy dit glo reeds voor sy huwelik en vertrek na Europa vir “slaaploosheid en senuwee-uitputting” gebruik (kyk Rousseau 1984c: 61, 83). Volgens Rousseau (1984c) het Marais se morfiënverslawing mettertyd ’n invloed op byna elke faset van sy lewe gehad.

Enkele maande na die malaria-aanval kan Marais weer na Pretoria terugkeer, waar hy in Oktober 1902 tot die Balie toegelaat word. Hy besluit om *Land en Volk* weer te laat verskyn, maar kan as gevolg van sy swak gesondheid nie self die redakteurskap behartig nie. Hy oorreed daarom vir Gustav S. Preller, wat na sy terugkeer as krygsgevangene uit Indië van plan was om na Argentinië te emigreer (kyk Preller, 1925: 197), om van sy planne af te sien en die redakteurskap van die koerant te aanvaar (kyk Du Plessis, 1988: 100–101). Sowel Preller as Marais neem in die koerant sterk en krities standpunt in teen bepaalde aspekte van die Britse bewind, soos lord Alfred Milner se verengelsingsbeleid. Dit lei meermale tot botsings met die owerheid en dreigemente om die koerant te sluit.

In 1905, die jaar waarin Marais se “n Winter Nag” (die later beroemde “Winternag”) op 23 Junie in *Land en Volk* verskyn, verkoop hy die koerant. Hy verhuis in 1906 na Johannesburg om as advokaat te praktiseer. ’n Jaar later, in 1907, vertrek hy na die Waterberg met prospekterdery as sy aanvanklike hoofdoel. Die Waterbergse natuur prikkel Marais se belangstelling egter sodanig dat hy hom op die waarneming van die gedrag van bobbejane, termiete en slange en die ondersoek van talle ander natuurkundige verskynsels toespits. Tot aan die einde van sy lewe sou hierdie waarnemings die boustof van gedigte, verhale, tydskrif- en koerantartikels en tekste soos *The soul of the ape* vorm. Hy voorsien ook in die behoefte aan mediese sorg in die gebied en raak op grond van sy vermoë om kwale

deur middel van hipnose te genees as die “Wonderdokter” bekend (kyk Du Toit, 1940: 21). In Junie 1911 word hy as vrederegter van hierdie gebied aangestel.

Wanneer Marais die Waterberg in Januarie 1916 verlaat, vestig hy hom as advokaat in Pretoria en daarna as prokureur op Erasmus (tans Bronkhorstspuit in Mpumalanga). Van 1922 tot 1927 werk Marais as prokureur op Heidelberg in die eertydse Transvaal (tans Gauteng). Hier raak hy bevriend met dr. A.G. Visser, en moedig hy hom aan om sy gedigte te laat publiseer. Hy woon ook 'n tyd lank op die plaas Steenkampskraal in die distrik om sy morfiënverslawing te probeer oorkom. Sedert die begin van 1927 woon Marais weer in Pretoria, waar hy onder andere by Gustav en Hannie Preller en by mev. Jessie Cross en haar gesin loseer. Tussen 1927 en Januarie 1934 – met 1933 as hoogtepunt – beleef Marais 'n bloeiperiode as skrywer en publiseer hy die meeste van sy bekende verhale en artikels in nuusblaaie soos *Ons/Die Vaderland*.

Op die laaste Saterdag van Maart 1936 verhuis Marais saam met Gustav en Hannie Preller uit die stad na die plaas Pelindaba in die distrik Broederstroom, wes van Pretoria, waar hy sy intrek neem in 'n rondawel, 'n ent verwyder van die Prellers se nuwe plaashuis, wat nog in aanbou was. Marais sou verkies het om in Pretoria te bly woon, waar hy elke dag sy morfiëninspuiting moes kry, maar omstandighede het hom geen ander keuse gelaat nie. Op 'n reënerige 29 Maart 1936, een dag na sy aankoms op Pelindaba, maak hy binne loopafstand van die rondawel 'n einde aan sy lewe met 'n haelgeweer wat hy kort vantevore by mnr. J.L.P. (Lood) Pretorius geleen het (*Die Volkstem*, 11.4.1936; ook in Nienaber, 1951: 120).

Marais is langs sy jonggestorwe vrou in die Pretoria-begraafplaas in Kerkstraat begrawe. Hulle grafte lê langs die Heldeakker, en Marais se graf het 'n klip uit die Waterberg as kopstuk.³ Enkele meter van sy graf lê dié van ander figure wat 'n prominente rol in die Afrikaanse politieke en kulturele lewe gespeel het: die digter Jan F.E. Celliers; die martelaar van die Rebelle van 1914, Jopie Fourie; en die politici dr. E.G. Jansen, adv. J.G. Strijdom en dr. H.F. Verwoerd.

3.3 Jeugjare in Pretoria, Boshof en die Paarl

Oor sy kinder- en jeugjare het Marais enkele outobiografiese geskrifte nagelaat wat 'n kykie gee in die wêreld waarin hy opgegroeï het. Daaruit, en uit die geskrifte van Du Toit (1940) en Rousseau (1984c en 1998), kan enkele afleidings gemaak word oor die soort ervarings wat die grootste indruk op hom as kind gemaak het.

Oor Daspoort en sy ervarings tydens sy eerste lewensjare skryf Marais in “n Paradys van weleer” (opgeneem in *'n Paradys van weleer en ander geskrifte*, 1965b). Hy is veral gefassineer deur die landstreek Agter-die-Berg (“ten noorde van Magaliesberg, vanaf Hornsnek tot ver by Wolhuterskop verby”, p. 62). Sy reisindrukke onderweg na oom Josef, die vader van Jopie Fourie, beskryf hy byvoorbeeld soos volg:

Daar was gewoonlik gedurende die besoek 'n gesamentlike reis deur die Bosveld tot aan die Rustenburgse grens. Elke insident van die towerreise leef nog baie helder in my geheue, maar wat ek die beste van alles onthou, is die pragtige reeks plase teen die hang van die berg. Hier het ons waens en families uit alle dele van Transvaal en Vrystaat teengekom wat Agter-die-Berg besoek om graan, meel, vrugte (droog en vars), brandewyn, tabak en ander landbouware te handel, meestal vir vee (p. 63).

In “Van oudae en oumense in Pretoria” (opgeneem in *Spore in die sand en ander vertellings*, 1979) skryf Marais oor dié Pretoria wat hy leer ken het nadat hy en sy ouers in Lynnwood House gaan woon het. In daardie stadium het daar altesaam 21 gesinne en 310 individue in die dorp gewoon. Hy onthou die dorp as baie afgesonderd:

Van die buitewêreld was ons in Pretoria geheel en al afgesny. Daar was geen spoor of telegraaf, geen koets, slegs 'n poskar wat een maal in die maand briewe van die kus deurgevoer het en in die reënmaande baie ongereeld. Die naaste spoorwegstasie was byna duisend myl van ons verwyderd (p. 24).

Wanneer hy jare later oor hierdie tydperk skryf, onthou hy nog hoe beroemd

Pretoria vir sy water was:

Die Apiesrivier was 'n dolomietstroom, 'n sterk riviertjie met water so helder soos kristal. In die diepste kuile was die kleinste klippie op die bodem sigbaar. As mens vandag die vuil klein straaltjie water aanskou kan jy nooit 'n denkbeeld vorm van die *märchenhafte* stroom van ouds nie, die walle bedek met varings en kapokvelde; varkblomme het elke vleitjie versier (p. 26).

Uit dié tyd – voor die ontdekking van goud aan die Witwatersrand – toe die inwoners van Pretoria “feitlik één groot familie uitgemaak het” (p. 27), onthou Marais heelparty interessante karakters. Hy skryf ook oor beroemde perde en die rol wat hulle in mense se lewens gespeel het. In dieselfde artikel maak hy melding van die “beroemde perdedief, Jakob Breytenbach”, en in die artikel “n Paar staaltjies van perdediewery” (opgeneem in *Spore in die sand en ander vertellings*) skryf hy breedvoerig oor Jakob Breytenbach en Jaap van Deventer, twee berugte perdediewe van die tyd: “Die ingebore Afrikaner-perdekennis en perdeliefde het by hierdie historiese diewe 'n hoogtepunt bereik wat hulle van hoë diens was in die uitvoering van hul kriminele bedrywigheid” (p. 56).⁴

Marais was tien jaar oud toe hy by sy broer op Boshof gaan woon en sy skoolopleiding daar voortgesit het. In die artikel “Waar die wêreld verkeerd om wentel” (opgeneem in *'n Paradys van weleer en ander geskrifte*, 1965b) beskryf Marais Boshof as “n ware oase in die woestyn”. Hy vervolg:

Die omgewing is nie juis inspirerend vir mense wat natuurskoon alleen vind in die grootste verskyning van bome, berge en riviere nie. Hier is alleen die eensame en oneindige vlakke, besaaid met klein koppies en rantjies van swart ysterklip (p. 68).

Hy het veral waardering vir die panne wat daar voorkom. “Boshof is te midde van die grootste pannestreek binne die grense van die Unie” (p. 68). Hierdie panne het gedurende goeie reënjare die distrik “in 'n nuwe wêreld herskep” en was “die toevlugsoord van miljoene watervoëls, waaronder 'n menigte besoekers uit Midde-Afrika en selfs van die Nyl” (p. 68). Hy beskryf ook “wonderlike toere” wat die

lugspieëlings kon uitvoer, soos toe hy by geleentheid op reis was met 'n algemeen bekende en beminde Duitse inwoner van die distrik, die heer Nauhaus van Gannapan:

Skielik sien ons hoog in die lug voor ons 'n klompie blesbokke bedoord aan weie. Almal was egter onderstebo! [...]

Maar die wonderlikste van die gebeurtenis moes nog kom. Ons het stadig voortgery, want die ou heer het stellig verwag dat ons bo-op die bult die werklike blesbokke in gesig sou kry. Maar ons is een bult oor, die leegte deur, 'n ander bult oor, en by die derde of vierde bult verdwyn die omgekeerde blesbokke uit die lug. Dit was nog goed 'n halfuur verder eer ons in die verte die klompie langs die pad aan wei sien – dié keer reg op hul bene! (p. 71).

Op Boshof het Marais ook kennis gemaak met die enigmatiese kluisenaar, James Bain, wat aan die einde van sy lewe daar in 'n “hoog-ommuurde praghof van plante” (p. 69) gewoon het. “Hy had o.a. 'n verbasende versameling Suid-Afrikaanse boeke, pamflette, prente en handskrifte” (p. 69). In sy huis het 'n skildery van Thomas Baines van “The greatest hunt in history” gehang. Hierdie skouspel is georganiseer vir die besoekende Hertog van Edinburg, wat “etlike weke die gas van die heer Bain op Bainsvlei” (sy oorspronklike woonplek) was (p. 69).

As leerling aan die Paarl Public School sedert 1885 het Marais – soos vroeër in Pretoria en op Boshof – sy onderrig deur medium van Engels ontvang en Nederlands net as 'n gewone vak geneem. In dié tyd het sy skryftalent aan die lig gekom. Volgens Du Toit (1940: 103) het die woorde “uncoffin'd and unknown” uit Lord Byron se *Childe Harold's pilgrimage* Marais in hierdie tyd geïnspireer om sy eerste gedig, “A soldier's grave”, te skryf. Sy eerste gedigte in Engels verskyn in die *Paarl District Advertiser*, terwyl hy ook joernalistieke bydraes oor die Union Debating Society begin lewer. Met verwysing na die invloed van skrywers op Marais maak Du Toit (1940: 110) melding van sy “noukeurige lees van bekende Engelse meesterdigters soos Milton, Byron, Longfellow en Coleridge”. Volgens Rousseau (1984c: 18) moet by Lord Byron “al die ander bekende negentiende-eeuse name as leesstof bygevoeg word: Coleridge, Keats, Wordsworth, Browning, Poe, Scott, Dickens – baie moontlik hier ook reeds De Quincy, want sestig jaar ná publikasie

word *The Confessions of an English Opium Eater* as 'n klassieke werk beskou”.

Wanneer Marais ná voltooiing van sy skoolopleiding in die Paarl na die ZAR terugkeer, gaan werk hy aanvanklik as klerk in die prokureursfirma Kuranda & Marais. Kort voor lank begin hy egter om sy belangstelling in die joernalistiek uit te leef (kyk 4.2). Dit gee hom die geleentheid om noukeurig en leesbaar oor 'n verskeidenheid onderwerpe verslag te doen, wat later een van die kenmerke van sy wetenskaplike prosa sou word.

Marais het hom nogtans nie net met die joernalistiek besig gehou nie. Oor sy vryetydsbesteding skryf Du Toit (1940: 10) dat Marais verkies het

[...] om sy vry tyd te bestee aan die ape, bobbejane, slange en skerpioene wat hy tuis – meestal tot groot ongerief van die inwoners van die ouerlike huis – aangehou het. 'n Vriendin uit die tyd vertel dat wanneer hulle uitstappies doen of by die Fonteine gaan piekniek hou, Eugène altyd meer belang in die plantegroei en omgewing as in hul geselskap gestel het. Hy het gewoonlik kort ná die aankoms op die piekniekplek verdwyn en eers weer sy verskyning gemaak wanneer die ander met die ete al moeg gewag is.

Marais het die gewoontes van 'n geslag spinnekoppe, wat in een hoek van sy kamer gewoon het, bestudeer. “Sy penhouer, voor hom op die lessenaar, is die skedel van 'n mens” (Rousseau, 1984c: 38). Die intellektuele prikkels wat hierdie belangstellings wakker gemaak het, was volgens Rousseau (1984c: 38) uit die buiteland afkomstig:

In Engeland [...] is dit 'n tyd van intellektuele revolusie, van nuwe idees, van 'n felle botsing tussen die konserwatiewe oue en die progressiewe nuwe. Elke nuwe wetenskaplike teorie wat die Victoriaanse wêreld skud, ondersoek die jong Eugène Marais met geesdrif; elke nuwe literêre werk wat afkeurende opspraak verwek, lees hy met oorgawe en bewondering [...].

Oor spesifiek hierdie invloede in sy lewe het Marais self min geskryf, daarom word die werk van skrywers soos Du Toit (1940) en Rousseau (1984c en 1998) meermale betrek in 'n poging om 'n duideliker perspektief daarop te probeer verkry.

Hoe belangrik die veranderinge is waaraan Marais blootgestel was en waaraan hy uiteindelik ook 'n deelnemer geword het, blyk uit die volgende woorde van N.P. van Wyk Louw (1973: 89):

So teen die jare neëntig van die vorige eeu – sal ons sê: toe Kolbe, Eugène Marais, die generaals Smuts en Hertzog jonk was, en Leipoldt, Totius, Celliers seuns, het ons mense – almal, of 'n groot gedeelte – 'in 'n ander toonaard begin droom'; hoofsaaklik as gevolg van die inbreek van nuwe natuurwetenskaplike, veral biologiese, begrippe. En by ál hierdie figure is die ou Boerewêreld gebreek [...].

Uit die geslag van 1890 het, volgens Louw (1973: 89–90), Marais en Smuts “biologies-evolusioniste” geword. Marais se volgende fase, naamlik sy verblyf in Londen, sou juis belangrik wees as 'n tydperk waarin hy 'n deurslaggewende “wetenskaplike onderdompeling” sou ondergaan en waartydens die invloede van die Victoriaanse tydperk en die Darwinisme sterk en duidelik aantoonbaar op hom sou inwerk.

3.4 Londen

Marais het hom van die begin van 1897 af in Londen bevind. Oor sy verblyf in Londen is daar egter min bekend omdat Marais weinig daarvoor geskryf het.⁵ Rousseau (1984c: 108), wat met die oog op sy navorsing vir *Die groot verlange* 'n maand lank in Londen gaan woon het, het “elke moontlike leidraad probeer opvolg [...]. Maar dit was byna of iemand die spore doodgegee het; of anders was die leidrade vals.” Rousseau erken dat daar heelwat “gissings” oor Marais se verblyf in Londen in sy hoofstuk in *Die groot verlange* voorkom.

Ten spyte van die min inligting oor dié tydperk bly dit 'n belangrike fase in Marais se lewe. Dit word onder meer deur die duidelike verskil tussen Marais se skryfwerk van voor en dié van na sy verblyf in Londen gesuggereer. Tot in 1896 was Marais hoofsaaklik die skrywer van enkele gedigte, en as politieke joernalis 'n *enfant terrible* wat telkens by omstredenhede betrokke was. Ná sy Londense verblyf

het hy weer vir koerante geskryf, en was hy duidelik in 'n groter verskeidenheid onderwerpe geïnteresseerd, in teenstelling met sy joernalistieke werk voor sy vertrek na Londen waarin hy hoofsaaklik oor die wel en wee van ampsdraers in en om die Volksraad van die ZAR verslag gedoen het.⁶ Veral wanneer hy later oor sy Waterbergse ervarings skryf of sy bellettristiese prosa met ervarings uit hierdie tyd inklee, is dit duidelik dat die Londense verblyf vir hom groot intellektuele winste gehad het. Of anders gestel: heelparty van sy werke, veral dié wat geskryf is sedert sy verblyf in die Waterberg, dui daarop dat Marais met die intellektuele strominge rondom die eeuwisseling in Europa kennis gemaak het, en dat dit só deel van sy eie intellektuele mondering geword het dat begrip van hierdie strominge van groot belang is ten einde sy wetenskaplike prosa te kan verstaan.

In Londen was Marais vyf jaar lank 'n regstudent aan die tradisieryke Inner Temple, een van die vier Inns of Court.⁷ Volgens inligting wat Rousseau (1984c: 106–107) bekom het, het Marais nie as student uitgeblink nie en moes hy van sy eksamens herhaal. Sy verblyf in Londen het as gevolg hiervan langer as die minimum studieperiode geduur. In Londen het hy sy tyd klaarblyklik benut om eerstehandse kennis van 'n aantal ander onderwerpe as die regte te bekom. Veral geneeskunde, hipnotisme, Egiptologie, spiritisme en goëlery was hoog op sy belangstellingslys. “'n Halfdosyn belangstellings wat niks met sy kursus te doen het nie, is genoeg verklaring vir sy gebrek aan welslae”, aldus Rousseau (1984c: 114). Al hierdie belangstellings of onderwerpe sou later in sy geskifte neerslag vind en daartoe bydra om 'n bepaalde karakter aan sy werk te gee.

Die Brittanje waarin Marais hom aan die einde van die negentiende eeu bevind het, het reeds baie veranderings ondergaan as gevolg van die ekonomiese vooruitgang wat deur die Industriële Rewolusie teweeggebring is. Teen die helfte van die negentiende eeu het meer as die helfte van Brittanje se bevolking reeds in die stede gewoon (kyk Matthew, 1989: 519–520) en het groot dele van die platteland ontvolk geraak. Dié veranderings het geleidelik plaasgevind, maar het mettertyd 'n ingrypende ekonomiese verskuiwing van landbou na nywerheid teweeggebring.

Die gevolge van die Industriële Rewolusie was oral sigbaar. Myne, fabriekke, spoorlyne en kanale het hulle stempel op die landskap afgedruk. In die stede waarheen die werkers gelok is, is huisvesting vir hulle verskaf in haastig opgerigte

woonkasernes, wat funksioneel maar beknop was. Oor 24, Lewisham Park, S.E., waar Marais in Londen gaan woon het, skryf Rousseau (1984c: 108) soos volg:

Dit klink na 'n kamerstel [sic – JLM], of wat in dié tyd in Engeland as 'chambers' bekend staan. In werklikheid is dit die eenvoudigste soort huisvesting: 'n woonkamer onder waaruit 'n trap na 'n slaapplek op solder lei.

Met die eeuwisseling het Londen reeds 4,5 miljoen inwoners gehad. Dit was ook 'n stad wat in baie opsigte die tekens van modernisering getoon het, soos die vinnige oorskakeling van die gebruik van perderytuie na die motorkar, die motortaxi, die motorbus en die elektriese tram (kyk Hibbert, 1977: 233). In die res van die land is die groeiende dorpe deur die spoorweë oorheers, waardeur daar vir die eerste keer 'n geïntegreerde Britse ekonomie geskep is (kyk Matthew, 1989: 530).

Benewens die vooruitgang wat deur ekonomiese groei moontlik gemaak is, het die sosiale en politieke lewe in die loop van koningin Victoria (1819–1901) se 64 jaar lange heerskappy (vanaf 1837 tot met haar dood) ook groot veranderings ondergaan. Ten spyte van die oordrewe preutsheid, sondebeseft, oormatige skynheiligheid, konserwatisme en nugterheid wat die Victoriaanse tydperk gekenmerk het, het die Britse sensus van 1851 byvoorbeeld getuie van 'n toenemende sekularisasie van die samelewing gelewer (kyk Matthew, 1989: 520). In sowel hierdie tendens as in die tydgees oor die algemeen het liberalisme, wat die vryheid van die individu as 'n natuurreg beskou het, 'n groot rol gespeel. 'n Verdere bydraende faktor tot die verandering van die wêreldbeeld van dié tyd was die publikasie van Charles Darwin (1809–1882) se epogmakende *The origin of species by means of natural selection, or the preservation of favoured races in the struggle for life* in 1859. Omdat Marais se wetenskaplike denke ongetwyfeld deur die Darwinisme beïnvloed is, is dit noodsaaklik om meer aandag hieraan te gee (kyk Rousseau, 1998: 1–58).

Darwin het in 1831 'n graad in teologie aan Christ's College, Cambridge, verwerf. 'n Predikant wou hy nogtans nie word nie. Gelukkig vir hom kom daar 'n wending, wat sowel die gang van sy lewe as die geskiedenis van die

natuurwetenskappe ingrypend sou beïnvloed. In Augustus 1831 word 'n advertensie geplaas vir 'n natuurkundige wat bereid sou wees om 'n wêreldreis op die HMS *Beagle* te onderneem. Ten spyte daarvan dat Darwin geen formele opleiding in die natuurwetenskappe gehad het nie, word die pos hom danksy die bemiddeling van sy mentor, die predikant en plantkundige John Stevens Henslow, aangebied. Hy aanvaar dit dan ook sonder huiwering. Darwin moes tydens hierdie reis as “unpaid gentleman’s companion” die jong (en temperamentele) kaptein van die HMS *Beagle*, Robert FitzRoy, geselskap hou. Die skip se vorige kaptein het immers selfmoord gepleeg (Weiner, 1995: 21). Die aanvanklike plan was dat die reis waarop die *Beagle* op 27 Desember 1831 uit Devonport vertrek het tussen twee en vier jaar sou duur, maar dit het uiteindelik hyna vyf jaar geduur voor die skip sy reis op 2 Oktober 1836 in Falmouth beëindig het (kyk Darwin, 1962 en Moorehead, 1969).

As amateurnatuurkundige en ywerige leser was Darwin betreklik goed ingelig oor die natuurwetenskaplike opvattinge van sy tyd.⁸ Tydens die reis teken hy talle waarnemings op, wat hom dekades daarna nog in staat sou stel om 'n deurslaggewende bydrae tot die natuurwetenskappe te lewer. Sy belangrikste waarnemings is gemaak op die Galápagoseilande in die Stille Oseaan, sowat eenduisend kilometer van die kus teenoor Ecuador.

Op hierdie onaansienlike vulkaniese eilande, wat sowat vyfmiljoen jaar gelede hulle verskyning gemaak het, het Darwin verrassende verskynsels waargeneem. Hy het byvoorbeeld gesien dat elke eiland sy eie dier- en plantspesies het. Hierdie spesies was almal spesifiek aangepas by die unieke omgewing van elkeen van die eilande. Al was hierdie spesies duidelik soortgelyk aan spesies wat op die vasteland van Suid-Amerika voorkom, was hulle ook in baie opsigte verskillend.

Die belangrikste waarneming wat Darwin op hierdie eilande met hulle iguanas, skilpaaie en voëls gemaak het, was dié van die dertien vinksoorte wat op die onderskeie eilande gelewe het. Dit was duidelik dat elkeen van hierdie vinksoorte tot dieselfde spesie behoort, maar dat elke vinksoort op elkeen van die Galápagoseilande oor sy eie kenmerkende eienskappe en oorlewingstrategieë beskik het wat hom vir sy spesifieke omstandighede en manier van lewe geskik gemaak het.⁹ Wat Darwin op die Galápagoseilande gesien het, het hom laat besef dat die

gangbare opvatting dat spesies nie verander nie, bevraagteken moet word.¹⁰

Terug in Brittanje het Darwin hom in Londen gaan vestig: “at the heart of Victorian science”, soos Mark Ridley (1994: 11) dit stel. Hy publiseer heelwat, maar die verskyning van *The origin of species* sou meer as twee dekades lank agterweë bly. In dié werk voer hy aan dat plante en diere, in ’n poging om voort te bestaan, hulle oorspronklike vorm oor ’n lang tydperk verander deur dit by hulle omgewing aan te pas. In baie gevalle het ’n baie ingewikkelde en komplekse vorm van lewe uit ’n baie basiese en primitiewe een ontwikkel. Die gedagte dat die wêreld in sewe dae (van vier en twintig uur elk) geskep is, en gevolglik ook die hele skeppingsverhaal van Genesis, word dus deur Darwin verwerp. In 1871 verskyn Darwin se *The descent of man, and selection in relation to sex*, waarin hy sy teorie ook spesifiek op die mens van toepassing maak.

Die rigting waarin die biologiese wetenskappe sedert die tyd van Darwin ontwikkel het en die sosiale verandering wat dit teweeggebring het, is sonder sy bydrae haas ondenkbaar. Maar sy invloed en dié van tydgenote soos Alfred Russel Wallace (1823–1913), die mede-opsteller van die ewolusieleer (kyk George, 1964 en Williams-Ellis, 1966), en T.H. Huxley (1825–95; kyk Desmond, 1998), of “Darwin’s bulldog”, wat met sy strydvaardigheid gehelp het om hierdie teorie te populariseer en antagonisme te bevorder, sou nie tot die natuurwetenskappe beperk bly nie. Dit het aan die moderne Darwinistiese wêreld vorm gegee.¹¹ Matthew (1989: 523) postuleer dat Darwin se idees ’n ingrypende invloed op sy tyd gehad het:

The concept of evolution, and consequently of ‘progress’, whether on the individual, national, or global level, came to permeate every aspect of Victorian life and thought. Because evolution was determined by laws of science (a view usually described as ‘positivism’), man’s duty was to discover and obey such laws, not meddle with them.

Marais het hom derhalwe in Londen in ’n tydperk bevind waarin dramatiese verskuiwings in opvattinge oor die mens se plek in sowel die samelewing as die natuur voorgekom het. Daaraan is hy op verskillende maniere as lid van die gemeenskap blootgestel. Een van die belangrikste aspekte hiervan was waarskynlik sy besoeke aan Londen se museums en “the museum’s sister institutions, the zoo

and the botanical gardens” (Black, 2000: 3), waarvan daar wel getuienis bestaan. In *On exhibit: Victorians and their museums* skryf Black (2000: 4–5) soos volg oor die prominente rol wat die museum in die Victoriaanse samelewing gespeel het:

Victorian society constructed museums, celebrated and criticized museums, attended museums, worked in museums, wrote about museums, and collected in homage to museums. In a sense, one may perceive the museum as an impulse or spirit that infused the age and many of its projects: the triple-decker novel; collected works; encyclopedias and dictionaries; and phenomena as ordinary as keepsakes, dollhouses, and rock collections or a theory as cataclysmic as Darwin’s panoramic evolutionism.

Black (2000: 9) toon aan dat die Victoriaanse tydperk se behepthed met die museum deur ’n aantal belangrike gebeure van die negentiende eeu teweeggebring is:

Victorian culture was a museum culture brought to fruition by key political events and social and cultural forces: the British involvement in imperialism, exploration, and tourism; advances in science and changing attitudes about knowledge; the nationalist commitment to improved public taste through mass education; the growing hegemony of the middle class and the subsequent insurgence of bourgeois fetishism and commodity culture; and the democratization of luxury engendered by the French Revolution and the industrial revolution.

Volgens Du Toit (1940: 16) maak Marais in Londen “’n deeglike studie van die Egiptiese hiërogliewe [...]. In die Britse Museum vertaal hy naamlik ’n oorspronklike papyrus, *The Travels of an Egyptian*”.¹² In Marais se werk is duidelike getuienis dat hy besoeke aan minstens hierdie museum gebring het.¹³ In die verhaal “Laramie, die wonderwerker” in *Laramie, die wonderwerker en ander verhale* (1980b) vertel die hoofpersonasie Laramie byvoorbeeld van die “geskiedenis van Indiese tou-toertjies en mango-toertjies” (p. 22), wat hy in die Britse Museum nageslaan het. “Die oudste storie in die wêreld: Die storie van die twee broers” in

Spore in die sand en ander vertellings (1979) verskyn met die aantekening, “Uit die oorspronklike hiëroglifiese teks vertaal”. Marais (1984c: 37) verskaf ook verdere inligting oor die papirus:

Die oorspronklike papirus is in die Britse Museum en is eers in *facsimile* (in priester-skrif) deur Birch uitgegee. Dit is waarskynlik nie minder as drieduisend jaar voor Christus geskrywe nie. [...]

Hier volg die vertaling van die laaste uitgegewe teks deur die Britse Museum, in hiëroglifiese oorgeset, uitgegee. Die oorsetting in Afrikaans word so letterlik moontlik gedoen.

In dié tyd besoek Marais ook die London Zoo aan die noordoostelike kant van Regent's Park (kyk Eyssen, 1951: 27). Dit lyk asof veral die “monkey house by James Hakewill” (Leapman, s.a.: 124) en die “Sobell pavilions for apes and monkeys” (Leapman, s.a.: 126) hom geïnteresseer het. In die dieretuin het hy by die opsigter 'n klein sjimpanseetjie met longontsteking gekry om tuis te gaan verpleeg, wat as een van sy eerste ervarings in die waarneming van primate se gedrag beskou word (kyk 6.2).

Marais het ook ander ervarings in Europa opgedoen wat vir sy wetenskaplike werk van belang sou wees. Die geleentheid waarvan hy in dié verband gebruik gemaak het, toon bepaalde ooreenkomste. Dit was duidelik elke keer die natuurwetenskappe of randgebiede daarvan wat hom geïnteresseer het. Hieruit het hy 'n verskeidenheid ervarings opgedoen, wat in sy latere skryfwerk neerslag gevind het.

Du Toit (1940: 14), wat talle feite oor Marais se lewe eerstehands by die skrywer gekry het kort voor sy dood in 1936, skryf soos volg oor Marais se mediese belangstellings:

Sy persoonlike begeerte was meer om mediese student te wees en hy het gevolglik ook 'n privaat kliniek onder toesig van Guy's Hospital besoek. Verder doen hy mediese kennis op in Bonn (Duitsland) en ook toe hy 'n aantal groot stede in Europa besoek saam met 'n groep Duitse studente wat in opdrag van die Pruisiese regering die vraagstuk van onsedelikheid moes

bestudeer.

Aan Winifred de Kok, die vertaler van *Die siel van die mier*, skryf Marais soos volg in 'n brief oor die aard van sy studie in Londen: "In later years I studied in England and was called to the bar in the Inner Temple – after abandoning the results of a four year's medical course" (kyk Rousseau, 1984c: 493). In die "Translator's preface" tot Marais (1937c: v) se *The soul of the white ant* sê De Kok na aanleiding van hierdie brief die volgende oor Marais se mediese studie:

He began life after leaving college as a journalist, then studied medicine for four years, but eventually took up law and was called to the Bar by the Inner Temple.

Van Marais se seun, Eugène Charles Gerard, verskyn in dieselfde uitgawe "A biographical note" waarin hy eweneens van Marais se mediese studie melding maak (Marais, 1937c: viii):

In 1895 he [Marais – JLM] left for Europe with the intention of studying medicine, but he was persuaded by friends in the Transvaal to take up law. He made the change, much to his subsequent regret, and at the Inner Temple in London qualified as an advocate. He studied medicine at the same time, however, and only the Boer War prevented him from qualifying.

Tydens sy navorsing in Londen kon Rousseau (1984c: 133) nie vasstel of Marais inderdaad formele mediese opleiding gehad het nie:

Die rekords van Guy's Hospital – die naam wat later in dié verband genoem is – bevestig nie dat hy hom ooit deelyds of voltyds by dié mediese skool laat inskryf het nie. By gebrek aan getuienis, kan die omvang van sy mediese studies egter maklik onderskat word. In Londen skaf hy nie alleen 'n stel mediese instrumente aan nie, maar doen hy ook aansienlike geneeskundige kennis op – hiervan sou dokters in Suid-Afrika jare later nog getuig.

Uit die voorafgaande opmerkings is dit nie moontlik om 'n bevredigende afleiding oor die aard van Marais se mediese opleiding en kennis te maak nie. Dit kom nietemin voor asof hy geen formele opleiding as ingeskrewe student gehad het nie. Mieny (1988: 46) noem nogtans die moontlikheid dat hy "by groepe studente kon aansluit wat vir vergoeding ekstra tutoriaalklasse by privaatgeneeshere in Londen ontvang het".

Verdere mediesverwante onderwerpe waarin Marais in Londen geïnteresseerd was, sluit hipnotisme en spiritisme in. Oor presies watter ervarings hy in dié verband opgedoen het, bestaan daar heelwat gissings (kyk Rousseau, 1984c: 129–136), wat eintlik net op omstandigheidsgetuïenis berus. Die verhaal "Laramie, die wonderwerker" in *Laramie, die wonderwerker en ander verhale* bevat wel inligting wat minstens op 'n uitgebreide Europese belesenheid oor albei hierdie onderwerpe dui.

Marais benut ook die geleentheid tydens sy verblyf in Londen om besoek te bring aan Egipte, Italië, Duitsland, Nederland en Frankryk (kyk Du Toit, 1940: 16). Op hierdie manier het hy eerstehands kennis gemaak met intellektuele en kulturele strominge op die vasteland en kry hy geleentheid om die piramides in Egipte te besoek.¹⁴

In die breë gesien, moet 'n mens Marais se verblyf in Londen teen die agtergrond van die Victoriaanse tydperk met sy talle onderstrominge plaas. Die Victoriaanse tydperk, wat op die hakke van die Industriële Rewolusie gevolg het, word gekenmerk deur die groot vertroue wat dit in die natuurwetenskappe gestel het. Binne die kader van die biologiese wetenskappe het Darwin se *The origin of species* 'n verreikende bydrae gelewer tot die totstandkoming van 'n nuwe wêreldbeeld wat groot prominensie aan die rol van die wetenskappe gegee het. Ook Marais sou telkens met die Darwinistiese tradisie in gesprek tree op 'n manier wat 'n meer as terloopse kennis daarvan verrai. Marais se verblyf in Londen het hom die geleentheid gebied om op verskillende maniere vaardighede (bv. eksperimentering, teoretisering en die opweeg van hipoteses) aan te leer wat nodig sou wees om die intellektuele produkte na te laat waarin daar dekades na sy dood nog 'n belangstelling is.

In die geheel gesien, het Marais hom in Londen in 'n milieu bevind wat

sekere van sy bestaande natuurwetenskaplike belangstellings (kyk 3.3) verder geprikkel en die (amateur-) wetenskaplike in hom laat ontwaak het. Vir iemand soos hy moes dit 'n stimulerende konteks gewees het op grond van die situasie wat uit die volgende opmerkings van Gerald Durrell (Durrell & Durrell, 1985: 15) blyk:

In Victorian England it was the heyday of the amateur naturalist. Ladies and gentlemen searched for shells, plants, fossils, rocks, marine organisms, birds' eggs, butterflies, moths and beetles, and in a world which had not, up to that point, become as depleted as it is today, it was the thing for naturalists to make large collections of whatever they found.

In 'n artikel oor Marais verwys Alexis Retief (1989: 13) na eersgenoemde se Londense verblyf as “die periode van wetenskaplike onderdompeling in Marais se lewe” en laat tereg die klem minder sterk op die estetisisme en dekadensie¹⁵ (kyk Grobbelaar & Roos, 1992¹⁶ en Steenberg, 1993b) val. Die tyd wat op Marais se Londense verblyf (1902–1907) volg, is volgens Retief 'n “inkubasieperiode”. Eers daarna sou Marais “sy wetenskaplike element gevind het in die ryk omgewing van die Waterberg. In hom het sy selfskoling gesluimer, en vir die regte omgewing gewag om te bloei.”

3.5 Die Waterberg

Aangesien verskeie aspekte van Marais se verblyf en aktiwiteite in die streek wat as die Waterberg¹⁷ bekend staan in die hieropvolgende hoofstukke in oënskou geneem word, sal hierdie tydperk in sy lewe in hierdie hoofstuk net kortliks behandel word. Die doel van dié bespreking is om die hoofmomente van hierdie fase aan te dui en om hierdie besondere tydperk en ruimte waarin Marais hom bevind het, op inleidende wyse toe te lig.

Marais se belangstelling in die Waterberg gaan terug na 'n vroeë ouderdom. In die essay “The road to Waterberg” in *The road to Waterberg and other essays* (1972a) skryf hy met groot hartstog oor hierdie streek, wat hy “the mystery region of my boyhood” en 'n “wonderland” (p. 9) noem. Hierdie misterie is reeds op 'n vroeë

ouderdom vir hom geskep deur die verhale wat hy as laerskoolleerling in Pretoria gehoor het:

There were three boys from Waterberg in the village school and the influence of their stories abides in my mind to this day (p. 9).

Hierdie seuns het hom vertel van dramatiese en gruwelike gebeure in die streek waar hulle vandaan kom:

In all their tales loomed large Mapela¹⁸ 'the black eagle', sitting on his insurmountable crags and holding Waterberg in continual fear. We heard from them of fortified farmhouses; of grim fighting throughout the dark hours of the night and the retreat of the impi at break of day; of dead Kaffirs smothered in blood, with their shields under them, lying before the kitchen door and at the gate of the cattle kraals (p. 9).

Maar Marais het ook as kind mense gesien wat met hulle gelaaide waens uit die Waterberg op besoek was:

From that wonderland, the hunters' wagons used to come to Pretoria to unload their ivory and skins at the trading stores: Giraffe-skin whips; sjamboks of rhinoceros and hippopotamus hides, cured until they were quite translucent, the sheen and colour of clear amber; rhinoceros horns and dried hides of all the big animals of the wild bushveld – blue wildebeeste, sable and roan antelopes, hartebeeste, giraffes and numbers of others we boys of the civilized south could only guess at.

And often live animals came with the wagons: small zebras, elands, ostriches, monkeys, and, in rude cages, birds of wonderful plumage. Occasionally we saw trek-oxen that had escaped the jaws of a lion, and the children of hunters told us hair-raising stories of midnight attacks and hair-breadth escapes (p. 9).

Die streek het vir Marais bepaalde assosiasies gehad, omdat dit nog so grotendeels ongerep was en allerlei aanloklikhede gebied het:

Waterberg had thus always been associated with all the wonders of unpeopled veld,¹⁹ and to us who were born and grew up on the outskirts of the wilderness it represented the ideal theatre of manly adventure, of great endeavours and the possibility of princely wealth. Ivory was then what gold and diamonds became afterwards [...] (p. 10).

Ten spyte van die groot hartstog wat Marais van jongs af vir die Waterberg gekoester het en die groot aantrekkingskrag wat dit vir hom gehad het, sou hy sy eerste besoek eers “moontlik in 1905 of 1906” (Rousseau, 1984c: 192) aan die streek bring. Die besluit om hom in die Waterberg te vestig, het gekom ná die verkoop van *Land en Volk* en nadat hy ’n tyd lank in Pretoria en Johannesburg as advokaat gepraktiseer het (kyk Du Toit, 1940: 20). Volgens Rousseau (1984c: 192) was die belangrikste motivering egter “ontvlugting” van ’n meisie, Anne, en morfien. Marais wou ook in die Waterberg gaan prospekteer. Die man wat hom die eerste keer op die Nylstroomse stasie kom ontmoet het, Dolf Erasmus, was juis ’n tin- en platinaprospekteerder.

Marais het in die loop van 1907 (kyk Rousseau, 1984c: 193 e.v.) op die plaas Doornhoek, naby Erasmus in die distrik Naboomspruit (tans in die Noordelike Provinsie), gaan bly en vir tin en platina begin prospekteer. Kort daarna het Marais saam met ’n ander prospekteerder, Alec Austin, in hutte gaan woon wat hulle vir hulleself in die sogenaamde Bobbejaankloof op die plaas gebou het. Hier het Marais oor ’n tydperk van drie jaar die waarnemings van bobbejane in hulle natuurlike omgewing gemaak waarop hy *Burgers van die berge*, die reeks artikels oor “Die siel van die aap” en *The soul of the ape* gegrond het (kyk hoofstuk 6).

Nadat ’n Johannesburgse maatskappy die mineraalregte op die plaas Doornhoek bekom het, het Marais die plaas verlaat en hom aan die begin van 1908 op die plaas Rietfontein van die wamaker en smid Gys van Rooyen en sy vrou Maria, ’n vroedvrou, gevestig. Hy besoek daarna nog dikwels die kloof op Doornhoek om die bobbejane se gedrag waar te neem. Op Rietfontein maak hy in die heuwels naby die opstal die waarnemings oor die sosiale struktuur van die termiete waarop die grootste deel van *Die siel van die mier* gegrond is (kyk hoofstuk 5). Hy maak ook aldaar en in die Swaershoekvallei aan die voet van die Sandrivierberg met die

gevreese swartmamba kennis, wat in daardie tyd vir die dood van heelwat mense gesorg het. Marais boer op Rietfontein met beeste en teel met perde om sy inkomste aan te vul. Verder voorsien hy gratis “in die geneeskundige behoeftes van ’n groot streek” (Du Toit, 1940: 21). Hy vestig sy reputasie as Wonderdokter nadat hy die verlamde Hessie van Deventer van die plaas Rooiwal onder hipnose geplaas en deur ’n posthipnotiese suggestie weer laat loop het (kyk Marais, 1984: 174–175; Rousseau, 1984c: 201–203 en Mieny, 1988: 47).

Terwyl Marais in die Waterberg bly, besoek hy talle plase en dorpe in die streek en leer heelparty kleurrike karakters ken (o.a. die veldkenner Jan Wessel Wessels, die wildvanger Emil Tamsen, die Nylstroomse kruiedokter Ebrahim Ravat en “n ou Boesman, outa Hendrik” (Marais, 1959: 5) by wie hy die *Dwaalstories* gehoor het). Hy leer ook die omgewing goed ken deur aan jagtogte deel te neem en wyd te reis. Hy reis deur Bokpoort in die Hanglipberg na die Palala-plato, waar hy enkele maande op die plaas Purekrans bly en in hierdie gebied die Waterbergse broodboom (*Encephalartos eugene-maraisii*) sien, wat in 1944 na hom vernoem sou word (kyk hoofstuk 8). By geleentheid besoek hy ook die Limpoporivier en die Soutpansberg.

Gedurende sy verblyf in die Waterberg beoefen Marais verskillende betaalde beroepe, wat daartoe bygedra het om aan hom die beeld van ’n besonder veelsydige mens en ’n enigmatiese figuur te gee. Benewens sy aanvanklike prospekterwerk word hy deur die tinmynmaatskappy op Doornhoek ’n betrekking aangebied: hy word deur die werkers as die “myndokter” beskou (Rousseau, 1984c: 208) en “onderneem selfs as hoof-ingenieur die bou van die pad wat by die rant na die myn afloop”. In Junie word Marais as “resident-vrederegter met hof en tronk op die plaas Rietfontein 1638” (Du Toit, 1940: 20) aangestel. Van Oktober 1912 tot Mei 1915 behartig hy op ’n vrywillige grondslag die reënstasie op Rietfontein en stuur maandeliks opgawes van neerslae aan die Weerburo in Pretoria (kyk Rousseau, 1984c: 263 en 278).

Marais het sy verblyf in die Waterberg in 1910 en 1915 by drie geleenthede vir tot byna ’n jaar onderbreek om by sy broer op Boshof te gaan bly (kyk Rousseau, 1984c: 239 en 284). Hy het dit elke keer gedoen om opnuut te probeer om sy verslawing aan morfien (of substitute soos opium) te probeer oorkom. Tydens die

grootste deel van Marais se verblyf op Rietfontein het mev. Van Rooyen sy morfienvoorraad vir hom beheer, wat uiteindelik ook tot 'n breuk tussen hulle gelei het (kyk Rousseau, 1984c: 286–288).

Byna al sy waarnemings oor die gedrag van diere en talle ander natuurkundige verskynsels het Marais in die Waterberg gemaak. Danksy talle van Marais se publikasies, wat sedert die twintigerjare van die vorige eeu verskyn, vestig hy vir die eerste keer die aandag op hierdie besondere streek en stel hy die Waterberg sodoende aan 'n wye publiek bekend. In sy artikels en belletristiese prosa figureer hierdie streek as 'n opvallende ruimte en maak die leser met talle figure kennis wat Marais daar leer ken het of pertinent in dié ruimte geplaas het. Die wesentlike plek wat die Waterberg in sy lewe en werk inneem, word soos volg deur Mieny (1984: 138) opgesom:

Eugène Marais is in die ware sin van die woord 'n seun van die Transvaal. Net soos daardie ander groot veelsydige Louis Leipoldt se hart gelê het in die Hantam en die Sederberge van Clanwilliam, so het Marais se hart gelê in die Bosveld van Transvaal, in die Waterberg en in Pretoria.

3.6 Verblyf elders

Na Marais se vertrek uit die Waterberg in “baie swakke gezondheidstoestand” (Du Toit, 1940: 21) het hy 'n rukkie by sy suster Sophie Ueckermann in Maréstraat 350, Pretoria, gebly (kyk Rousseau, 1984c: 291). Daarna woon hy enkele maande lank by Gustav en Norma Fichardt, sowat 22 kilometer van Warmbad af op die Springbokvlakte (kyk Rousseau, 1984c: 292). Aangesien die landskap daar so gelyk is, vind Marais dit 'n geskikte terrein om die Namakwapatrys se sin vir rigting te bepaal.²⁰ Na sy verblyf op die Springbokvlakte vestig Marais hom weer in Pretoria en sit hy sy loopbaan as advokaat voort saam met adv. Tielman Roos, by wie hy ook inwoon (kyk Du Toit, 1940: 21). “Pretoria was toe al lankal nie meer die landelike dorpie wat Marais in sy jeug geken het nie, en sy inwoners het mode- en kultuurmense geword” (Nienaber-Luitingh, 1962: 64). Marais se swak gezondheidstoestand het tot gevolg dat hy min opdragte kry en mettertyd die praktyk moes laat vaar.

Van 1 Oktober 1921 tot 30 Mei 1922 is hy as prokureur die vennoot van mnr. S.J. van Wyk op Erasmus. Tydens Marais se verblyf op Erasmus bring hy ook besoek aan mnr. Mike Henn se plaas Witklip, waar hy die voëls op die Groot Pan en die Klein Pan dophou. Op grond van hierdie ervaring skryf hy *Die skepbekertjie: Oor die voëls van Witklip* (1968b), wat eers jare na sy dood gepubliseer sou word (kyk hoofstuk 7).

Na sy verblyf op Erasmus vestig Marais hom op Heidelberg, waar hy van Junie 1922 tot 1927 as prokureursvennoot van eers mnr. R.G. Coetsee (kyk Rousseau, 1984c: 344) en daarna mnr. Cecil Lawrance (kyk Rousseau, 1984c: 354) op die dorp werk. Hy raak bevriend met A.G. Visser (1878–1929). “Met geen ander man het Marais seker ooit so ’n hegte vriendskap gehad nie” (Fugard & Devenish, 1977a: 9). Oor dié vriendskap tussen Marais en Visser skryf P.H. Langenhoven (1950: 16) soos volg:

Hulle het baie gemeenskaplike belange gehad en kon mekaar mooi aanvul. Gedurende ’n aantal moeilike jare kon Visser hom as arts bystaan; in Marais het die dokter weer ’n geesgenoot gevind met wie hy kon praat oor letterkundige sake. Marais het gou ’n huisvriend van die Vissergesin geword.²¹

Om onttrekkingsbehandeling vir sy morfiënverslawing te kry, gaan woon Marais op Visser se aanbeveling enkele maande lank by die Meyergesin op die plaas Steenkampskraal in die distrik (kyk Rousseau, 1984c: 373). In April 1927 rig Marais in ’n brief ’n desperate versoek aan Gustav Preller om aan hom ’n heenkome te bied²² en in Mei 1927 neem hy sy intrek by Preller en sy vrou, Hannie, in Blackwoodstraat 176, Pretoria, nie ver van die Uniegebou nie. Daar rig hulle vir hom ’n stoepkamer in (kyk Du Plessis, 1988: 360). Later gaan woon Marais by mev. Jessie Cross en haar gesin in Arcadiastraat 733, vanwaar hy nog later saam met hulle na Vermeulenstraat 420 verhuis. Met mev. Cross se twee dogters (veral Edna) ontwikkel Marais, soos vroeër met talle ander jong kinders, ’n soort vader-dogterverhouding. Op mev. Cross se erf hou Marais ’n versameling vetplante aan en besoek in dié tyd sy susterskind Inez Verdoorn by die Nasionale Herbarium, waar hy haar van die Waterbergse broodboom vertel (kyk hoofstuk 8).

Marais het tydens sy verblyf in die Waterberg sporadies artikels vir koerante en tydskrifte geskryf. Dit is egter veral sedert 1919 dat hy begin het om talle van die artikels en verhale te skryf waarvoor hy later bekend sou word en waarvan baie eers na sy dood gebundel (en party nog ongebundel) is. Daar is waarskynlik 'n hele paar faktore wat daartoe bygedra het om hierdie werk die lig te laat sien. Ek noem slegs enkele: Eerstens was dit Marais se ideaal om oor 'n verskeidenheid van sy ervarings en waarnemings, veral dié in die Waterberg, te skryf. Hierdie faset word nie hier verder ondersoek nie, aangesien dit in die res van die studie meermale ter sprake kom. Tweedens het Marais geskryf met die doel om 'n inkomste te hê en 'n bestaan uit sy skryfwerk te maak. Derdens het daar gunstige produksiefaktore in die Afrikaanse pers- en uitgewerswese bestaan, wat daartoe bygedra het dat Marais meerdere geleenthede gebied is om sy werk te publiseer.

Hoewel Marais 'n gekwalifiseerde regsgeleerde was en lank as beide advokaat én as prokureur gepraktiseer het, het hy nooit die regte as sy belangrikste nering of roeping beskou nie. Dit was dan ook nie altyd vir hom moontlik om 'n vaste inkomste uit hierdie professie te verdien nie. In die tydperk tussen 1917 en 1927, toe Marais as advokaat en prokureur gepraktiseer het, was hy nie besonder suksesvol nie en moes hy verskeie kere van praktyk verwissel en selfs op verskillende dorpe gaan woon.²³ Marais se verdediging in 1932 van die vier teer- en veerdere van H.P. Lamont, die skrywer van die destyds opspraakwekkende roman *War, wine and women*, is as 'n fiasko beskou (kyk Rousseau, 1984c: 434–440). Marais moes dus meermale in sy lewe sy inkomste aanvul deur verhale en artikels te skryf. Daarmee sou hy mettertyd 'n ander dimensie by sy reeds bestaande reputasie as digter voeg.

Marais het sy werk in 'n verskeidenheid koerante en tydskrifte gepubliseer, naamlik *Die Boerevrou*, *Die Huisgenoot*, *Die Brandwag*, *Ons/Die Vaderland*, *Die Volkstem*, *Die Burger* en *The Star*. Sy verbintenis met *Ons Vaderland* het veral verstewig nadat hy uit Heidelberg teruggekeer en hom in Pretoria gevestig het. Preller, wat die hoofredakteur van die koerant was en 'n hoë dunk van Marais gehad het, het hom oor sy vriend ontferm en Marais in Februarie 1928 as subredakteur by *Ons Vaderland* aangestel (kyk Du Plessis, 1988: 361). 'n Jaar later het die koerant 'n dagblad geword (kyk Du Plessis, 1988: 362). Benewens die skryf

van verhale en artikels (soos die reeks “Burgers van die berge”, wat tussen 26 Maart en 4 Junie 1932 in die koerant geplaas is en in 1938 onder dieselfde titel in boekvorm verskyn het), was dit Marais se taak om nuusberigte van die Duitse nuusdiens Transocean te vertaal en te verwerk (kyk Rousseau, 1984c: 401). Marais se betrokkenheid by *Die Vaderland* onder Preller se redakteurskap²⁴ het ten einde geloop toe sy verhaal “Spore in die sand” omstreeks Maart 1935 deur die assistentredakteur, Willem van Heerden, vir publikasie geweier is (kyk Rousseau, 1984c: 487–488).

In *Die Huisgenoot* publiseer Marais in 1925, 1926 en 1931 sy reeks artikels wat later as *Die siel van die mier* in boekvorm uitgegee is. Op die hakke van dié sukses publiseer hy ook ’n reeks artikels oor bobbejane, getiteld “Die siel van die aap” (later opgeneem in ’n *Paradys van weleer en ander geskrifte*). In dié jare het *Die Huisgenoot* onder redakteurskap van slegs twee redakteurs, naamlik H.G. Viljoen (1923–1931) en J.M.H. (Markus) Viljoen (1931–1949), gestaan (kyk Muller, 1990: 559). Volgens Muller (1990: 575) het *Die Huisgenoot* in die twintiger- en dertigerjare van die vorige eeu die Afrikaner só gehelp om te lees “dat hy sy kulturele en intellektuele horison aansienlik verruim het”. Die publikasie van talle artikels met ’n leersame en/of opvoedkundige strekking het grootliks hiertoe bygedra. Die hedendaagse navorser merk benewens die groot aantal geskiedkundige artikels²⁵ ook ’n beduidende aantal bydraes van ’n natuurwetenskaplike aard op. Benewens die artikels van Marais verskyn daar ook bydraes soos dié van die entomoloë A.J. Hesse en S.H. Skaife en die herpetoloog F.W. FitzSimons. Marais se werk word saam met ander wetenskaplikes s’n gepubliseer²⁶ en nie as kuriositeite of “rubrieke” oor allerlei wetenswaardighede soos dié wat later meermale in die Afrikaanse pers sou verskyn nie.

’n Groot deel van Marais se werk het ontstaan toe die vestiging en standaardisering van Afrikaans hoë voorkeur geniet het. In hierdie standaardiseringsproses het prof. J.J. Smith as redakteur voor H.G. Viljoen ’n groot rol gespeel (kyk Muller, 1990: 562). Dat Marais volgens eie getuienis dit self makliker gevind het om in Engels te skryf as in Afrikaans, is heel verstaanbaar. Sy Engelse opvoeding en afsondering in die Waterberg, waar hy byna geen leesstof tot sy beskikking gehad het nie (veral tydens belangrike jare in die ontwikkeling van

Afrikaans), moet 'n groot rol hierin gespeel het. Sekere gebreke in Marais se werk sou nietemin daaraan toegeskryf kon word dat hy in 'n era geskryf het (veral tot ongeveer 1925) toe die standaardisering van Afrikaans nog nie voltrek was nie.

As gevolg van Marais se morfiënverslawing en swak gesondheidstoestand het sy skryfwerk dikwels in uiters ongunstige omstandighede ontstaan. A.M. van Schoor (soos aangehaal in Richard, 1985: 16) het die volgende vertel:

So gereeld soos klokslag het dit gebeur dat ons die hele koerant, die hoofnuusblad inkluis, klaar gegiet het en dat die vervolghoofstuk op die steen lê en wag terwyl ons oom Eugène na die werklikheid probeer terugroep. Male sonder tal het hy dan op die steen die hoofstuk klaar geskryf. Dit is dan feitlik sin vir sin van die skryfblok afgeskeur en in aller yl geset.

Hierteenoor skryf J.M.H. Viljoen (1953: 43) dat Marais “besonder puntenerig was oor sy beriggewing. Die verslae kon desnoods verkort word – dit was elke subredakteur se reg, en as ervare joernalis het Marais dit begryp en gebillik – maar veranderings aan die wesenlike inhoud en selfs aan die taal het hy nie gedoog nie.” Hier word nie op die juistheid van bogenoemde standpunte ingegaan nie, hoewel aspekte daarvan in latere hoofstukke wel aandag sal geniet. Hoe dit ook al sy, Marais se skryfwerk was gesog en sy bydraes het publikasies soos *Ons/Die Vaderland* en *Die Huisgenoot* in kritieke tye gehelp om te oorleef en selfs van krag tot krag te gaan.

Marais se prosa het betreklik laat eers in boekvorm verskyn. Hy debuteer met die verhale *Margriet van Laastelus en Die wegraak van Sannie* (1924). Verdere bundels fiksie is *Dwaalstories en ander vertellings* (1927), *Die huis van die vier winde* (1933), *Die leeu van Magoeba en ander verhale* (1934) en, postuum, *Keurverhale* (1948), *Spore in die sand en ander vertellings* (1949) en *Laramie die wonderwerker en ander verhale* (1949). Die meeste van hierdie verhale het aanvanklik in publikasies soos *Die Boerevrou*, *Die Huisgenoot* en *Ons/Die Vaderland* verskyn. Marais se wetenskaplike prosa word gepubliseer in *Natuurkundige en wetenskaplike studies* (1928a), *Sketse uit die lewe van mens en dier* (1928b; in 1937 heruitgegee as *Die mielies van Nooitgedacht*), *Die siel van die mier* (1934), *Burgers van die berge* (1938), 'n *Paradys van weleer en ander geskifte*

(1965b), *Die skepbekertjie: Oor die voëls van Witklip* (1968b), *The soul of the ape* (1969) en *The road to Waterberg and other essays* (1972a).

In 1925 word Marais se gedigte vir die eerste keer gebundel in 'n uitgawe getiteld *Gedigte*. Marais publiseer ook drie dramas, *Waar die blomme geur* (1933), *Die swart verraad* (1933) en *Nag: Drama in vier bedrywe* (1937b), wat al drie sedertdien min aandag geniet het en moontlik die mees verwaarloosde aspek van sy oeuvre is.

Die meeste van Marais se prosawerke is deur Nasionale Pers en die Pretoriase uitgewer J.L. van Schaik uitgegee (kyk Steyn, 1992b: 27). In die lig van sy verbintenis met *Die Vaderland* het party van sy boeke ook by die Afrikaanse Persboekhandel (later Perskor) verskyn. By al hierdie uitgewerye het sy boeke 'n belangrike deel van hulle fondslus gevorm. Marais is egter nooit gedurende sy leeftyd vir sy skryfwerk bekroon nie. Sedert veral die sestigerjare van die twintigste eeu het Leon Rousseau 'n prominente rol gespeel in die publikasie van Marais se werk en word heelwat van Marais se tekste die eerste keer uitgegee (bv. *The road to Waterberg*, *'n Paradys van weleer* en *The soul of the ape*). Rousseau versorg ook heruitgawes van sy werk.

Marais, "die man wat gedurende sy lewe veel van die tragiese ervaar het" (Du Toit, 1940: 22), se selfmoord op 29 Maart 1936 is grootliks aan sy morfiënverslawing toegeskryf. Oor dié selfmoord het Retief (1989: 6–7) die volgende perspektief:

Selfmoord is altyd 'n tragedie. As 'n persoon homself boonop afsonder in die veld en hom onder 'n boom met 'n haelgeweer doodskiet, op 'n reënerige dag, is daar iets verlate en jammerlik sowel as iets grusaams daarin. Wat hierdie elemente by Marais intensifiseer [sic – JLM], is dat dit 'n spieël van sy laaste lewensjare was, en ook 'n soort logiese gevolgtrekking van sy verval in hierdie jare.

3.7 Samevatting

Marais het laat in sy lewe enkele kere verslag gedoen oor besondere natuurkundige ervarings en waarnemings wat hy gedurende sy kinder- en jeugjare opgedoen het.

Dit sou verdere ervarings in daaropvolgende fases van sy lewe geprikkel het en hom daarop voorberei het om oor die waarde en betekenis daarvan te besin.

Marais se skoolopleiding was oorwegend deur medium van Engels. Reeds op hoërskool het sy joernalistieke talent geblyk, wat hy dan ook sedert die einde van die 1880's as joernalis en koerantredakteur in Pretoria begin uitleef het. Marais, die skrywer, het begin ontluik, maar aanvanklik het hy slegs oor die wel en wee in en om die Volksraad van die ZAR verslag gedoen. Hoewel dit 'n belangrike fase was (kyk 4.2), was dit eintlik slegs sy leerskool as skrywer en sou die politiek nie die belangrikste fokuspunt in sy lewe wees nie. Dit is waarskynlik Marais se landelike agtergrond en sy intense ervarings as kind in die natuur wat die grootste invloed op hom gehad het.

Marais se studietyd in Londen bied aan hom nie net die geleentheid om hom as regsgeleerde te bekwaam nie. Hy ondergaan ook 'n tydperk van intense blootstelling aan Europese intellektuele en modestrominge soos die Darwinisme, wat veral vir sy wetenskaplike vorming van groot waarde sou wees. Terug in Suid-Afrika is dit hoofsaaklik sy verblyf van 1907 tot 1916 in die Waterberg, wat hom in staat stel om belangwekkende natuurkundige waarnemings te maak, wat die sluimerende wetenskaplike in hom te voorskyn en tot sy reg laat kom het.

Oor sy verblyf in die Waterberg skryf Marais 'n groot aantal artikels, 'n monografie oor bobbejane en enkele gedigte waarin hy laat blyk dat die Waterberg en sy ervarings aldaar 'n besondere plek in sy lewe en oeuvre inneem. Hoewel talle van Marais se geskryfte waarskynlik in moeilike omstandighede ontstaan het, is dit 'n besondere huldeblyk aan die Waterberg en sy mense en getuig dit van sy fyn waarnemingsvermoë en openheid vir nuwe ervarings.

Sedert die twintigerjare van die twintigste eeu is die meeste van Marais se bellettristiese en wetenskaplike prosa aanvanklik in koerante (soos *Ons/Die Vaderland* en *Die Volkstem*) en tydskrifte (soos *Die Boerevrou* en *Die Huisgenoot*) gepubliseer. Hoewel Marais dikwels om den brode moes skryf, slaag hy daarin om 'n beduidende en aandagwekkende oeuvre op te bou. Heelwat van hierdie tekste is eers later in boekvorm gepubliseer, wat tot die persepsie bygedra het dat Marais nie tydens sy lewe die erkenning gekry het wat hom toegekom het nie. Die groei en ontwikkeling van die Afrikaanse pers- en uitgewersbedryf het aan Marais talle

geleenthede gebied om oor sy ervarings te skryf. Sy geskifte dra terselfdertyd by tot die groei van die bedryf wat aan hom publikasiegeleenthede gegee het.

Hoewel hy tydens sy leeftyd geen amptelike erkenning vir sy werk in die vorm van toekennings gekry het nie, is daar later op verskillende wyses erkenning aan Marais se bydrae tot die literatuur en die natuurwetenskappe gegee.²⁷ Hierbenewens het daar ook, soos in 1.1 aangetoon is, talle publikasies oor sy lewe en werk verskyn.

AANTEKENINGE

1. In Marais se belletristiese prosa is daar duidelike eggo's van sy Hugenote- en Kaapse verlede. Die verhale "Margriet van Laastelust" (uit *Margriet van Laastelust en Die wegraak van Sannie*, 1922) en "Die vliegende Hollander" (uit *Die huis van die vier winde*, 1933) is in die Kaap gesitueer (kyk 4.4), terwyl Marais ook Franse name aan twee van die bekendste en mees terugkerende karakters in sy werk gee, naamlik dr. Paul de Roubaix en kol. Francois ("Sois") de Ville.
2. Oor die ekspedisie in Oos-Afrika skryf Marais in "By die mond van die Save" in *Die mielies van Nooitgedacht* (1937). Kyk ook D.W. Krüger (1951: 6–14) en Rousseau (1984c: 143–156), wie se weergawes van die gebeure op die dagboek van die leier van die ekspedisie, dr. E. Schultz, gegrond is.
3. Marais se graf was lank verwaarloos; iets waarop (o.a.) Jeanne Goosen die aandag gevestig het met 'n artikel getiteld "Marais se vervalde graf skreeu ten hemele!" (*Hoofstad*, 16.10.1979). Geld is mettertyd deur die Eugène Marais-gedenkfonds ingesamel, wat in 1983 die graf se restourasie moontlik gemaak het. Marais en sy vrou se grafte is heropgebou, hulle grafstene is herstel, en op Marais se graf is 'n klip as kopstuk toegevoeg, met die woorde "DIGTER, SKRYWER, NATUURKENNER" daarop gegraveer. Die klip, wat afkomstig is van mnr. Pieter Booyse se plaas Buffelsdoorn in die distrik Naboomspruit (*Die Patriot*, 11.3.1983), "simboliseer Eugène Marais se verbintenis met die Waterberge" (*Die Transvaler*, 10.1.1983).
4. Dit is hoogs waarskynlik dat H.J. Vermaas se roman *Die perdedief* (1960) geskryf is

na aanleiding van die verhale oor die perdediewe wat Marais opgeteken het.

5. Volgens Adinda Eyssen (1951: 25), sy Heidelbergse buurvrou en vrou van die volksangleier en komponis Stephen Eyssen (1890–1981; kyk Malan, 1982a: 36–39), het Marais egter wel soms tydens besoeke by hulle aan huis oor sy Europese ervarings gepraat:

Hy kon op besonder onderhoudende wyse vertel van baie van sy ondervindings in ons eie land en in Europa, maar dan moes hy in die luim daarvoor wees.

6. Die artikels wat Marais na die Anglo-Boereoorlog – tussen 1902 en 1905 – vir *Land en Volk* geskryf het en waarin hy hom teen die beleidsrigtings van die Britse bewind onder leiding van lord Milner uitspreek, sluit egter meestal aan by die soort polemiese joernalistiek wat hy voor sy vertrek na Brittanje geskryf het.
7. 'n Eeu later het die Inns of Court nog nie baie verander nie, soos uit die volgende beskrywing van Leapman (s.a.: 230) blyk:

At the hub of legal London are the four Inns of Court, clusters of elegant, mainly eighteenth- and nineteenth-century buildings, courtyards and gardens where London's 4000 barristers ply their ancient trade. The Inns – Inner Temple, Middle Temple, Lincoln's and Gray's – have largely managed to fight off the ravages of modernization. Protected by the planning laws and the determined conservatism of their own officials, they are, on the outside at least, much as they were a century ago.

8. Enkele invloede was deurslaggewend vir die insigte waartoe Darwin gedurende en ná die reis gekom het, soos die geoloog Charles Lyell se drieledige *Principles of geology* (1830–33), wat Darwin gedurende die reis bestudeer het. Hierdie werk het Darwin se belangstelling in die geologie verder gestimuleer en sy waarnemingsvermoë opgeskerp. Lyell se teoretisering (in hierdie werk) oor die ontstaan van die mens het Darwin eweneens beïnvloed. Hy het byvoorbeeld beweer dat die ontdekking van werktuie daarop dui dat die mens heelwat ouer is as waarop die

destydse vertolking van die Bybelse skeppingsverhaal gedui het; 'n uitspraak wat bykans ongehoord sou wees vir daardie tyd.

9. Op een van die eilande was 'n vinkspesie wat 'n sterk, dik bekkie ontwikkel het om sade en neute mee oop te kraak, op 'n ander eiland was 'n soort met 'n kleiner bekkie om insekte mee te vang en op nog 'n eiland was 'n tipe vink met 'n bekkie wat só aangepas is dat hy van vrugte en blomme kan lewe. Nog een het geleer om met 'n kaktuspen as gereedskap kos uit barste in boomstamme te grawe (kyk Moorehead, 1969: 163–164). Danksy hierdie onderskeie spesialiserings kon elke vinksoort hom sodanig by die habitat op sy spesifieke eiland aanpas dat hy die voedselbronne wat beskikbaar was optimaal kon benut. 'n Soortgelyke waarneming wat Darwin gemaak het, was dat die patroon op die dop van die reuseskilpad (*Testudo elephantopus*) op elke eiland effens verskillend was. Die moontlikheid dat dieselfde ontwikkeling ook by ander dierespesies kon voorkom, het dus voor die hand liggend gelyk.
10. 'n Opvatting wat nog in die Westerse wêreld gegeld het toe Darwin sy reis begin het, was dat die wêreld uit vaste spesies plante en diere bestaan. Wetenskaplikes het geglo dat daar wel klein variasies binne dieselfde spesie kon voorkom, maar dat alle spesies oor die algemeen nog was soos dit “in die begin” (Gen. 1:1) binne sewe dae deur God geskape is. Selfs die Sweedse plantkundige Carolus Linnaeus (1707–1778), die vader van die nomenklatuur, wat 'n stelsel van reëls en hiërargieë ontwikkel het waarvolgens naamgewing op wetenskaplike gebied geskied,

[...] hoped to glimpse the plan of the Creator, the meaning of life, much as saints and scholars looked for cosmic lessons in the relationships of all the verses, chapters, and books of the Hebrew and Greek Bibles (Weiner, 1995: 23).

Teen die einde van sy lewe sou Linnaeus oor die onveranderlikheid van verskeidenheid en spesies wonder, maar dié probleem kon hy nie oplos nie. Om die wêreldbeeld wat tot in daardie stadium bestaan het, te bevraagteken en met 'n nuwe verklaring vorendag te kom, sou nie oornag en sonder teenstand moontlik gewees het nie.

11. Dit is veral die historiese betekenis van Darwin se ewolusieleer wat van groot belang is, al is sy opvattinge sedertdien deur talle navorsers hersien, verbeter en verfyn. Daar is ook heelwat ander insigte in sy oeuvre van altesaam negentien boeke en in sy uitgebreide korrespondensie wat die toets van die tyd deurstaan het. Die antropoloog en bioloog Mark Ridley (1994: 2) vat dit soos volg saam:

His theoretical ideas have been of profound historical importance; and they are so modern in conception that biologists are recurrently surprised, on their first encounter, by the relevance of Darwin's writings to their work today.

12. Volgens Leapman (s.a.: 281) het die Britse Museum een van die grootste versamelings Egiptiese oudhede ter wêreld:

The Egyptian antiquities, rivalled only by the Metropolitan Museum in New York, comprise 70,000 objects, most notably the Rosetta Stone, a piece of black basalt rock dating from 196 BC. This played a vital part in the deciphering of hieroglyphics, crucial to reading ancient Egyptian texts.

13. Rousseau (1984a: 1280) twyfel of Marais ooit die Britse Museum se leeskamer besoek het:

Die toegangskaartjies tot die Museum se 'Reading Room', die enigste plek waar 'n besoeker om die eeuwending sulke werk kon doen, toon egter dat Marais nooit daar was nie.

Londense museums was veral tydens die laaste dekade van die negentiende eeu saans en selfs op Sondag vir besoekers oop (kyk Black, 2000: 100–103). In die lig hiervan is dit aanneemliker om Marais op sy woord te neem dat hy wel Egiptiese hiërogliewe in die British Library se leeskamer onder oë gehad het. Die materiaal sou seker ook op uitstalling in die museum self kon gewees het.

14. Die *Admiral*, waarmee Marais tydens die Anglo-Boereoorlog na die ZAR op pad was, het die Egiptiese hoofstad Kaïro aangedoen (kyk Rousseau, 1984c: 143).

15. Op die skamele getuienis van enkele sketse wat Marais in sy sogenaamde Londense dagboek gemaak het, baseer Rousseau (1984c: 117–121) die gedeelte in *Die groot verlange* oor ene Susanne met wie Marais 'n verhouding in Londen sou gehad het. (Die dagboek word tans in die argief van die Randse Afrikaanse Universiteit bewaar.)

16. Oor Marais se aansluiting by die estetisisme en dekadensie van skrywers aan die einde van die negentiende eeu, skryf Grobbelaar en Roos (1992: 64) soos volg:

'n Eerste aanwysing in hierdie rigting kan mens dalk vind in Marais se persoonlike lewe, en dan veral uit die (eensydige?) opmerkings daaroor in Rousseau se nou reeds beroemde biografie van 1974. Marais, met sy buitengewone kleredrag en sy onkonvensionele lewenswyse, het klaarblyklik 'n ooreenkoms getoon met sommige van die Europese en Britse kunstenaars wat aan die einde van die vorige eeu gewoonlik op afkeurende wyse deur literêre kritici met die oorkoepelende terme 'dekadente' en 'estete' saamgroepeer is.

17. Volgens P.E. Raper (1972: 31) is die Waterberg

[...] genoem na die Waterberge, wat dit van die suidweste na die noordooste deurkruis. Die Noordelike Pongolo-, die Groot-Palalarivier, en die Nylstroom of Magalakwinrivier het hul oorsprong in hierdie bergreeks, en dit sou op sigself voldoende rede gewees het vir die naam. Toe die naam gegee is, was die gebied besonder waterryk; warm en koue mineraalbronne het by skeure in die bergreeks uitgevloei en uitgeborrel, en dit het tot die benaming aanleiding gegee.

18. D.H. Heydenrych (1986: 151) beweer dat “die Langa onder Mapela beheer gehad [het] oor die strategiese Makapanspoort-deurgang na die noorde”. Mapela het van ca. 1760 tot ca. 1825 geleef (kyk A.O.J. in De Kock & Krüger, 1972: 448).

19. Oor hoe omstandighede teen omstreeks die middel van die negentiende eeu in die ZAR gesteld was, skryf Heydenrych (1986: 150) soos volg:

Toe die Blankes Transvaal binnegekom het, was die vlaktes feitlik ontvolk, omdat die meeste Swart stamme hulle vanweë aanvalle tydens die Mfecane in die berge verskuil het.

20. Marais (1974: 167–178) beskryf hierdie eksperiment in *The soul of the ape* en voer aan dat voëls se sin vir rigting besonder sterk is. Dit neem geleidelik af by die soogdiere tot dit by die mens die swakste is.
21. Na Visser se dood skryf Marais “n Waardering” in *Ons Vaderland* (14.6.1929; ook in Nienaber, 1950: 74–78).
22. Die brief (soos aangehaal in Du Plessis, 1988: 359–360) wat Marais op 30.4.1927 aan Preller geskryf het, lui soos volg:

Waarde Gustav, ek het jou brief eergister ontvang. Net een ding het by my voortgeleef – dat jy geen woord sê van na Pretoria oorkom nie; in stede: my versoek om nog te skryf as of die saak nogmaals op die lange baan geskuiwe is. Gustav, ek bid jou, ek smeeek jou om my nie langer in die ellende te laat voortgaan nie. Ek kan nie meer nie!

23. Uit die volgende uitspraak van Marais in ’n resensie van C.J. Langenhoven se *Pad van Suidafrika* in *Die Brandwag* (25.3.1921) kan ’n mens allei watter siening hy van die regsberoep gehad het:

Langenhoven is ook advokaat, ik weet ’t heel goed, maar hij het gelukkig langal begriip hoe g’n man met ’n siel bokant die van ’n streepmuis hom bij voortduring aan die soort werk kan gee nie.

24. In 1932 word *Ons Vaderland*, waarvan Preller eienaar en redakteur was, na ingryping deur genl. J.B.M. Hertzog om die koerant van finansiële ondergang te red, deur die Noordelike Drukkers Maatskappy oorgeneem (Du Plessis, 1988: 417) en die naam word na *Die Vaderland* verander. Preller bly tot aan die einde van Februarie 1936 hoofredakteur, maar eintlik net in naam, aangesien sy besluitnemingsmag aansienlik ingekort is.

25. "Party [historici – JLM], soos proff. A.J.H. van der Walt en J.A. Wiid, het so gereeld opgetree dat hulle van hul belangrikste geskiedskrywing op hierdie wyse in *Die Huisgenoot* gelewer het" (Muller, 1990: 569).
26. Oor 'n belangrike ontdekking soos dié van die Taung-skedel deur prof. Raymond Dart word in *Die Huisgenoot* van 18.2.1925 berig. 'n Resensie deur A.C. Cilliers van J.C. Smuts se *Holism and evolution* (1926) verskyn op 27.5.1927. D.C. Boonzaier publiseer 'n "karikatuur-portret" van Smuts met sy boek (22.10.1926), asook van die bekende plantkundige dr. Rudolf Marloth (11.12.1925). In hoofstuk 8 kom Marais se kontak met dr. Marloth ter sprake.
27. 'n Voorbeeld van die erkenning wat Marais gekry het, is die instelling van die Eugène Marais-leerstoel in Natuurlewebestuur aan die Universiteit van Pretoria, wat in 1970 op inisiatief van die Suid-Afrikaanse Natuurstigting en dr. A.E. Rupert tot stand gekom het. Tans word die leerstoel deur prof. J. du P. Bothma bekleed.

Nog 'n voorbeeld van erkenning vir Marais se wetenskaplike bydrae is die vernoeming van die Eugène Marais-hospitaal in die voorstad Les Marais, Pretoria, na hom. By geleentheid van die vyf-en-twintigste bestaansjaar (1998) van die hospitaal verskyn 'n spesiale publikasie, *Eugène Marais and the Darwin syndrome/ Die dowwe spoor van Eugène Marais*, wat deur Leon Rousseau versorg is.

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het ook 'n Tak Eugène Nielen Marais, Afdeling Geneeskunde, wat van tyd tot tyd lesings oor Marais aanbied. Daarbenewens ken die Akademie ook die Eugène Marais-prys toe aan 'n eerste of vroeë werk deur 'n jong Afrikaanse skrywer (kyk Bosman, 1988: 8).

Die Eugène Marais-skrywersvereniging het in 1988 in Pretoria tot stand gekom en vergader een keer per maand. Die meeste van die vereniging se lede is amateurskrywers. Die vereniging publiseer sedert 1994 jaarliks 'n uitgawe met die titel *Skryfsels*, wat 'n verteenwoordigende keuse van sy lede se skeppende werk bevat.

In die Waterberg word Eugène N. Marais gedenk in die naam van die Laerskool Eugène Marais op Naboomspruit en die St. Stithians School se Eugène Marais-navorsingskamp op die plaas Welgevonden. En mnr. Manie Kruger van die plaas Rietspruit het Marais indirek vernoem met sy "Die Burgers van die Berge se Water ..." -mampoer.